

# Ons Storiewa

Omnibus van GGSA Vaaldriehoek

Uitgawe 3 Jaargang 3


| | |
|---|---|
| **Kattie se storie**<br>Kobie Stroh | 1 |
| **Custom-made gifts**<br>Trevor Dickerson | 8 |
| **Grepe uit my kinderjare**<br>Hennie Steyn | 11 |
| **‘n Baie lang vakansie**<br>Erna Buber-deVilliers | 14 |
| **‘n Allegaartjie**<br>Frans Deysel | 17 |
| **Herinneringe aan spesiale geleënthede**<br>Renier Feldtmann | 22 |
| **Huldeblyk aan Elsa Naudé, 1953-2013**<br>Johan Naudé | 25 |
| **Samuel Orton, stamvader**<br>Sampie Orton | 29 |
| **Ekspedisie na distrikVryburg**<br>Nico Muller | 31 |
| **“The green, green grass of home...”**<br>Adriana Welgemoed | 34 |
| **Kleutertyd**<br>Pottie Potgieter | 35 |


## Ons wa

Isabel Groesbeek, GGSA guru, skryf: “… elke familiestorie op skrif is 'n bydrae tot die groter kultuurerfenisskat. Stories wat nie geskryf word of oorvertel word nie gaan vir ewig verlore. Elkeen wat sy of haar storie skryf, roep die verlede se kosbare en soms swaar tye in herinnering en bring weer nuwe waardering vir eie lewenservaring en kennis vir ‘n jongere geslag.”

Genealogie bestaan uit twee ewebelangrike sake: jou familie se stamboom, en jou familie se stories. Op die eerste genealogiedag wat ek ooit bygewoon het, het Isabel dít tydens haar praatjie op haar luisteraars se harte gedruk: “Skryf jou ***eie*** storie!”

Ons raak so besig met soek in die verlede, dat ons daarvan vergeet om ons eie lewensherinneringe neer te skryf. Dink net hoe bly jy sou gewees het as een van daardie voorsate van jou vir jou so ‘n skat nagelaat het, en daardeur met jou kon gepraat het oor dekades of selfs eeue heen.

‘n Mens is geneig om te dink dat jou persoonlike storie nie vir ander mense interessant sal wees nie, maar daar maak ons ‘n fout! Alle lewens is interessant, want ons is almal mense. Wat jy van jouself aan my vertel raak iets dieps in my. Ek kan daarmee identifiseer. Jou storie roep vir my herinneringe op aan soortgelyke ervarings wat ek al amper vergeet het. Dit het ek keer op keer beleef, met elk van die stories in hierdie uitgawe.

Om hierdie eie-storie uitgawe aan die gang gekry, het ek ‘n (***nie*** verpligtende) tema voorgestel: familievakansies. Dit kon spesiale familie-geleënthede insluit, volksfeeste en feesdae. Wat daaruit gekom het was vir my ‘n fees om te lees en lekker om te redigeer: Kersfees, Nuwejaar, boeresport, vakansies op die plaas en by die see, navorsings-vakansies, uitstappies, kattekwaad. Gedeelde herinneringe.

Ons sien mekaar maar nege keer per jaar vir ‘n uur of twee op ‘n slag, nê, en met hierdie gedeelde projek kry ons darem die kans om mekaar beter te leer ken. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. En aan die wat dit nie hierdie keer reggekry het nie: ons sien jou in 2015 se wa!

*Erna* 2014.10.22



# Kattie se Storie

Kobie Stroh

Hoeveel lewe is daar in ons familie oor? Weet jy, nie een van daardie mense leef meer nie. Maar hulle hét geleef. Hulle hét saakgemaak. As die wat dood is goed aan 'n mens gedoen het, bly die goeie in jou soos iets waarop 'n mens voed.
Uit *Monument* - Maretha Maartens

Daar is soveel dinge wat mens nooit vir jou Ouma vra as jy die kans kry nie. As jy later probeer onthou wat sy alles vertel het, het jy die meeste daarvan vergeet. As ek terugdink aan my Ouma is die herinnerings wat eerste in my gedagtes opspring: Liefde, deernis, netheid, omgee. Gee en gee. Ek besluit om dit nie wéér te laat gebeur nie.

Ek gaan sien toe my ma net voor haar 80ste verjaarsdag, en trek haar storie stukkie vir stukkie uit haar uit. 'n Nuwe wêreld gaan voor my oop. 'n Tydperk van swaarkry en armoede en terugslae in die Afrikanervolk se verlede, maar 'n era waarin kinders in liefde geborge kon grootword, sorgeloos kon speel en veilig kon wees. 'n Tyd waar kinders kon alleen treinry, in die veld kon speel en op die plase kon rondhardloop.

**TYDLYN**

| | |
|---|---|
| **1836** | Groot Trek van boere na die binneland van SA |
| 1899 - 1902 | Tweede Anglo-Boereoorlog. Verskroeide-aarde beleid en Konsentrasiekampe |
| 1910 | Totstandkoming van Unie van Suid-Afrika |
| 1925 | Afrikaans word SA se tweede amptelike taal |
| 1930 | Die Groot Depressie. Langste en ernstigste era van armoede, werkloosheid en ekonomiese stagnasie regoor die wêreld. Die helfte van Afrikaners is armlastiges |
| 1932 - 1933 | 1932 – 1933 Die Groot Droogte. Ergste droogte en stofstorms in SA |
| 1933 | Die eerste Bybelvertaling in Afrikaans |
| **1934** | **Levina Catharina Magrietha Van Deventer Haarhoff** word gebore: my ma Kattie. |

Ek wil my ma se storie in haar eie woorde in boekvorm vertel. Sy is immers nog altyd 'n boekwurm. Haar stories het almal so begin: "Eendag, lank, lank gelede, is daar 'n dogtertjie gebore in moelike tye en onder baie moeilike omstandighede…"

## Hoofstuk 1

**29 April 1934**

"**Mapula**," Ounooi, "Mapula. Dit sal haar naam wees. Die ou bruin hande vou dankbaar saam.



Met 'n teer glimlag kyk die jong moeder oor die koppie van haar pasgebore dogtertjie na die blink waterdruppeltjies wat glinster in die fyn blaartjies van die doringbome. Reën in die Bosveld! Na soveel jare se droogte. Die reuk van nat grond waai by die tentflappe in en laat 'n gevoel van dankbaarheid oor die jong paartjie spoel. Soveel genade. 'n Blouoog-dogtertjie wat die moeder se naam kan voortdra, die name wat sy by háár moeder gekry het… **Levina Catharina Magrieta van Deventer**.

Pa Jan glimlag breed en trots en stap na buite om verwonderd na die nat Waterberge te staar. Die Bosveld het die vermoë om vinnig en dankbaar te herstel. Hierdie reën is so nodig voor die wintermaande

wat nog voorlê, op die lang trekpad met Pa Gideon van Deventer se troppie beeste, al soekend na ‘n stukkie kos vir die diere. “Dink net, lentetyd, as ons terugkeer na my geboorteplaas, is dit nie meer net ék en my mooi vroutjie nie, maar ‘n hele nuwe gesinnetjie. Dan kan ons weer besin oor die toekoms. Daar is immers nou nóg ‘n mondjie om te voed.”

| **Kattie se stamboom** | | |
|---|---|---|
| Gideon Jacobus VAN DEVENTER (h2)<br>*30/7/1878 Rustenburg †24/2/1966<br><br>x Martha Maria ENGELBRECHT<br>*2/10/1886 Pretoria †26/4/1965 | | Jacobus (Koos) ROOS<br><br>x Levina Catharina Magrietha PRETORIUS *Rustenburg |
| **Ouers** van<br>↓ | | **Ouers** van<br>↓ |
| Jan Hendrik VAN DEVENTER (i3)<br>*14/5/1910Waterberge †24/6/1993 Vdbp | x | Levina Catharina Margaretha ROOS<br>*17/9/1911Waterberge †6/2/1982 Vdbp |
| | **Ouers** van<br>↓ | |
| **Levina Catharina Magrietha (Kattie) VAN DEVENTER/HAARHOFF** (j1) *29/4/1934Waterberge<br>Martha Maria VAN DEVENTER/VAN DEN BERG (j2) *22/10/1937Waterberge †3/11/1999<br>Annamarie VAN DEVENTER/PRETORIUS (j3) *30/12/1951 Pretoria †9/9/1977 | | |



## Hoofstuk 2

**Pretoria 1938, Silverton**

“Kom kinders, kom. Pappa wag al.” Fientjie kyk glimlaggend hoe haar twee dogtertjies aangehardloop kom en elkeen ‘n hand gryp, gereed vir hierdie gereelde Sondagmiddag stappie. “Waarheen vandag, kinders? Weer koppies toe? Ek is so lus vir veldvrugte, nê Ousus?”

Hand aan hand en vrolik geselsend stap die gesinnetjie straataf. Die inwoners van hierdie deel van Silverton groet vriendelik. ‘n Bekende gesig, díé hegte gesinnetjie. Pa Jan leef vir hierdie kosbare tye saam met sy vrou en kinders in die veld. Vandat hy sy ouers en broers op die plaas by Matlabas agtergelaat het, swoeg en sweet hy lang ure hier in die stad. Tog is hy dankbaar dat hy kon werk kry by die spoorweg en dat daar elke dag kos op sy tafel kan wees.

“Kom my ou diep-denkende man, ons gaan kuier vir ou Liesbet daar op die plaas aan die voet van die koppie”. Saam-saam stap hulle veld-in, en laat die huise ver agter hulle.

Liesbet wag hulle in en nooi hulle hartlik die kraakskoon huisie binne. Die spesiale kassie word oopgesluit en vier fyn porseleinkoppies word uitgehaal vir vier spesiale gaste en sorgvuldig skoongevryf.



Klein Katterjaantjie, soos Pappa Jan haar noem, drink slukkie vir slukkie koffie terwyl sy 'n ogie oor kleinsus Martie hou. Terwyl Mamma en Liesbet afspreek dat Liesbet weer volgende Saterdag die ou swart koolstoof sal kom skoonskrop, kyk die twee dogtertjies afwagtend na die blink swart gesiggie van Liesbet se dogter. Sy knipoog en skud haar kop instemmend: "Ja julle twee, ek sal saamkom, dan was ek julle hare en kam ek dit in die son droog tot dit blink en dan vleg ons julle hare mooi…"

## Hoofstuk 3

**Skoolvakansie op Groenrivier, Matlabas, by Oupa en Ouma VAN DEVENTER**

Met voetjies wat swaai-swaai agter die donkiekar afhang, loer klein Kattie so onderlangs na Oupa se dierbare gesig. Dit was so lekker om hom van ver af deur die treinvenster te sien staan, fier en regop langs die treinspoor, wagtend op sy kleindogter wat uit Pretoria kom kuier.

Die donkies stap rustig deur die stof, en Thabazimbi raak stadig weg agter die laaste rante. Die plaas wag. Matlabas, 'n heerlike avontuur met 'n wonderlike maatjie, Katy van Deventer. Eintlik 'n tannie, maar met net 11 maande ouderdomsverskil tussen Kattie en Katy, word mamma se sussie beslis 'n maatjie, 'n boesemvriendin. Sy het hoeka besluit hierdie nuwe baba se naam is Kattie, dit pas mos by Katy. G'n Levina vir haar nie dankie, Kattie sal dit wees. Katy en Kattie, twee vabonde, hardloop weg vir al die kleineres.

Kattie skuif die mandjie met brode en konfyt, spesiaal vir Ouma saamgestuur, eenkant toe, hou stewig vas en gee een lang fluit. Die donkies steek viervoetig vas en gaan staan botstil. Oupa paai en por en stadig begin die donkies weer die wa met sy windwiele vorentoe sleep. Oupa loer vir die ondeunde gesiggie wat onder die kappie uitsteek en wys dreigend 'n vinger. "As ons vandag nog by die opstal wil uitkom, moet jy dit nie weer waag om te fluit nie."

Die son bak, die sonbesies sing, maar met elke treetjie is ons dieper in my Bosveld in, nader aan my kosbare, dierbare familie. Ouma staan lank reeds hand voor die oë op die stoep, staar padaf en soek vir 'n stofwolkie. Die koffiewater kook al, die koppies staan reg onder 'n doekie en die vleis prut al lankal in die pot. Ouma is 'n besige vrou, altyd aan die werk en bedien. Brood word sommerso onder die arm vasgeknyp en so staan-staan gesny. Altyd bedrywig in die kombuis. Het sy ooit ***gesit*** en eet?

Vóór daar 'n sorgvrye tyd van speel, verken, swem in die rivier, boomklim, kattekwaad en rondloop in die veld kan begin, staan net een lelike hindernis en wag: Ouma se blou bottel en die groot lepel. Mooipraat help nie, gesigtrek ook nie. Eers kasterolie drink, om die stad se gemors uit te was, afgesluk met 'n koppie stroopsoet swart koffie.

"Kom Kattie, kom. Die turksvye wag en dan moet ons gou gaan vissies vang om te droog vir 'n heerlike happie as ons so lekker speel," roep Katy.

Ouma en Oupa VAN DEVENTER



**Dogters**: Ous Engela, Bettie, Martie, Nellie, Katy **Seuns**: Gerrit, Kallie, Jan(John), Henry, Klein

Grootoupa Johannes Paulus Kruger PRETORIUS x Levina Catharina Margaretha KRUGER





## Hoofstuk 4

**Sondagskuil, by Oupa en Ouma Roos (Rustenburg)**

"Kom Meidjie, stap saam kraal toe. Ons twee het so baie om oor te gesels." Behendig melk Oupa die koei en die bekertjie word kort-kort aangegee vir klein Kattie, wat gulsig die lekker warm, skuimende melk wegsluk. Oupa se hande is altyd besig en niks ontgaan sy wakker oë nie. Sy beeste ken sy stem, en sy mielies, groente en koring staan geil. 'n Voorslagboer, legendaries vir sy reuse waatlemoene. Jaarliks word een van sy mooi vrugte per trein Silverton toe gestuur vir sy dogter Fientjie, sommer so in 'n streepsak met 'n tou omgebind. Verbaas fluit elke portier, want één waatlemoen wat 'n hele streepsak vol lê is 'n seldsame gesig.

Urelank gesels Oupa met die kinders en stel opreg belang in almal se doen en late. Hy is streng en ferm, maar waarlik lief vir almal. 'n Prentjie van Ouma is vir ewig in almal se geheue ingebeeld: sy sit daar op die ou stoeltjie op die stoep, swygend, maar tog hou sy almal fyn dop.

Elke kind op die plaas het sy eie werkie en sit handjie by om alles vlot te laat verloop. Kattie moet die roomafskeier draai. Melk kan vryelik gedrink word, soveel mens wil, maar die kosbare room is verbode. Skelmpies word daar darem aan die room geproe. Verbode vrugte is darem soveel lekkerder!

Hier op Sondagskuil is nou wel nie 'n boesem-maatjie nie, maar al die jonger kinders bewonder Kattie die rabbedoe. Sy is die leier en die voorbok as daar kattekwaad aangevang word. Afrikanerbeeste met hulle krom horings is niemand se speelmaatjie nie. Dit moes klein Kattie op die harde manier uitvind. 'n Toets om te kyk hoe die beeste reageer as sy uitroep "SOUT! SOUT!" het byna katastrofiese gevolge. Die hele trop het aangestorm gekom en 'n windstreep met twee wapperende vlegsels het by Oupa in die kombuis ingestorm. Die onderdeur is toegestamp, en 'n blasende koei loer bo-oor. Oupa se wonderlike humorsin het oorgeneem en al laggende het hy sy trane uit sy oë gevee en gewaarsku: "Meidjie, ***dit*** moet jy nooit weer doen nie!"



## Hoofstuk 5

**Skooldae**

**'n Brief van my skoolmaatjie Sophia.**

Nou is ons albei 80. Daar word gesê, maak nuwe vriende maar behou die oues. Die nuwes is silweres maar die oues is goues. So is my en Levina se vriendskap. In Silverton Laerskool was ons saam van Graad 1 tot Std 5 in een klas met baie mooi herinneringe en baie vreugdevolle saamwees tot vandag toe.

In die oop vierkant voor die skool het ons saam met die res van die skool in rye gestaan. Aandagtig geluister na die hoof wat voor ons op die stoep gestaan het. Mnr Boegman, Ou Bok, het geopen met gebed en voorlesing uit die Bybel. Die afkondigings gelees. Ordelik het ons daarna klastoe beweeg.

Ons leerkragte het vir ons skoonskrif geleer. Dun strepie op en dik strepie af, met pen en ink. Juffrou Du Preez het vir ons in std 1 klasgegee. Eendag het sy die platvorm waar haar tafel staan per ongeluk misgetrap en op die naat van haar rug beland. Gelê en lag daaroor, want die klein seuntjies van die klas was te swak om haar op te tel, al het hulle hul bes probeer. Dan was daar Mnr Meiring. Hy het vir ons meisies geknik. Ek glo die twee onderwysers wat die meeste indruk gemaak het was Mnr Opperman, letterlik 'n groot man en Mnr Fouché. Hy het ons baie geleer wat reg en verkeerd is uit die Bybel. Ek dink Levina was sy witbroodjie. Vir haar het hy baie na sy huis toe genooi, omdat sy vir sy twee dogters 'n goeie voorbeeld was. As kinders het ons partykeer droë vrugte, rosyne en 'n fraai botteltjie melk ('n kwartpint) voor speeltyd gekry. Ons twee, ek en Kattie, het 'n gesonde, lieflike, leersame jeug gehad.

*Vriendelike Boeregroete*

***Sophia***

**Silverton**

"Silverton was myle van die stad af; 'n plattelandse dorpie ver buite Pretoria, op pad Bronkhorstspruit toe" Daar was 'n berg. Berg? Toe ek nou weer gaan kyk, sien ek eers hoe klein die berg geword het van toe tot nou. Nogtans sal ek vandag nog vir jou kan gaan wys waar die grootste wildeperskebos teen die ouklip gerank het. Groot geel pitte, en botterklappers tussen kurkbos met blou blommetjies. Lekkerbreek en die beste stamvrugte en droë mispels, meer pit as vrug.

Skool was lekkerder, veral speeltyd onder die bloekoms. Ek onthou hoe ons in graad een net na Bybellees ons sakdoeke op die banke moes oopgooi en ons hande daarop uitsprei sodat juffrou kon kyk of ons naels skoon is. Voor kleinspeeltyd was dit voedingsperiode, vir baie die enigste maaltyd van die dag. Een dag druiwe, volgende dag vis, grondboontjies en rosyne, 'n piesang of 'n appel of 'n lemoen. Party dae sop en 'n broodjie. Elke dag 'n botteltjie melk, so klein…

Uittreksel uit *Spoorvat - Ek onthou nou*
Hans du Plessis



Kattie - Laerskooldae

**'n Spesiale boodskappie van my beste vriendin, my (Tannie) Katy VAN DEVENTER/JANSSEN.**

29 April 1934 is hierdie pragtige ou dogtertjie gebore. Sy kom uit standvastige voorgeslagte en aan vaderskant was haar oupa Gideon Jakobus VAN DEVENTER, seun van Gerrit VAN DEVENTER en Maria Elizabeth DU PLESSIS. Die grootouma was die suster van President Paul KRUGER se eerste vrou en na haar afsterwe is hy getroud met hulle niggie. Haar ouma was Martha Maria (née ENGELBRECHT) dogter van Schalk Willem ENGELBRECHT en Engela Wilhelmina Christina (née ERASMUS). Beide haar grootoupa en oupa was boerekrygers in die Boereoorlog en het later as rebelle hulle geliefde Transvaal probeer terugkry. Hulle was saam met Jopie FOURIE gevange geneem en was in dieselfde tronk toe hy die oggend met dagbreek tereggestel is. Biede hulle name is op die Jopie Fourie monument naby Brits.

Haar Pa, Jan Hendrik VAN DEVENTER was die derde kind van tien. Vyf seuns en vyf dogters. Hy was 'n man vol liefde en het altyd vir ons gepleit as ons 'n ou bietjie stout was.

Vandat ek haar op haar 10de lewensdag een kyk gegee het (ek was self net 11 maande oud), en gesê het die dogtertjie se naam is Kattie, was dit haar naam. Sy het dit deur al die jare behou. Ons was maats, ons was soos susters, ons was vertrouelinge en tot op hede kan ons nie onthou van een dag wat ons 'n misverstand gehad het nie. Ons het saam gelag, saam gehuil, saam vakansie gehou, saam kinders grootgemaak en lief gebly vir mekaar.

Ons grootste probleem was om die jonger kinders te ontduik as ons wou dorp toe gaan, as hulle vakansies op Warmbad kom kuier het. My skoonsus Julie het wel gesê sy het ons al hoor lag as ons by die kampgronde (soos ons dit genoem het) verbykom. Wel, dis maar net omtrent een km van die huis af - wys net hoe goed ons stemme was.

Ek onthou goed hoe lekker ek by hulle op Silverton gekuier het. Daar was 'n lieflike ou boom met 'n stewige skoppelmaai, dit het ons gereeld benut. Maar lekker moet nog lekkerder wees, en gevolglik het Ma se wasplank baie aanlokliker gelyk. Voor ons kon mooi dink was hy op die swaai. Nou kon ons saam-saam ry. Maar helaas - 'n lastige geluid het ons laat afklim, en o wee! Die wasplank was in twee stukke. Haastig het ons dit aanmekaar gedruk en ons kans afgewag. Regoor die straat was 'n outjie wat maar goed lastig by die twee tienderjariges was. Die oomblik toe ons hom sien was die plan agtermekaar. Ons nooi hom toe uit om saam te swaai en ek glo tot vandag toe, as hy nog leef, glo hy dat hy die wasplank gebreek het. Nou ja, ons was nie groot nie, dus moes ons slim wees.

By hulle het 'n mansmens loseer en sy grootste vyand was kougom. So, ons pennies is gebruik om kougom mee te koop. Ons het dit goed gekou en dan sy naam daarmee op sy kussing geskryf. Hy was elke keer woedend maar kon dit nie oor sy hart kry om ons te verklik nie, want dan was ons in groot moeilikheid.

*Katy*



Jong Kattie

Verjaardae was vir ons elk 'n eie, spesiale dag. Ek onthou my geskenkies: 'n klein tafeltjie en stoeltjie, my kruippoppie, my glas teestelletjie en my houthondjie wat ek oral saam met my getrek het totdat Mamma hom weggegee het vir 'n ander kindjie wat hom graag wou hê. O, en ek onthou my kat. 'n Pragtige persiese kat. Skelm smokkel ek hom saans in die bed in saam met my, maar keer op keer vang my ma my uit. Katte hoort nie in beddens nie! Dan moet ek maar kat laat uitgaan. My eerste troeteldier.

Na laerskool spandeer ek die res van my skooldae op Hoërskool Langenhoven. "Ai Pappa, soveel veranderinge. Nuwe skool, nuwe woonplek in Pretoria, ek sukkel om maats te maak. Skoolwerk bly vir my lekker, juffrou sê ek moet gaan verder leer. Onderwys sal my goed pas. Ek weet geld is maar skraps, maar ek sal hard leer, dalk, dalk…"

Daardie dae van my jeug was baie opwindend. Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek was ek maar vyf jaar oud. Ek onthou dit as onstuimige tye. Broer teen broer. Smelters teen Rooilussies. Ossewa Brandwag waaraan ons jongmense deelneem. Lorrievragte vol soldate ry deur Silverton. Ons wys Hitler tekens en neem prettig deel aan die uitjou van soldate. Onbewus was ons toe deel van die ontwaking van Afrikanertrots. Elke Vrydag staan ons in toue vir koskoepons, want voedsel was gerantsoeneer. Ons hele gesin staan in die ry om meer koepons te kan kry. Ma het die meelsif op die plafon weggesteek. Geen inwoner van die Unie van SA mag meel gesif het nie, uit simpatie vir Engeland se deelname aan die oorlog... maar ma sif ons s'n skelmpies.

# Hoofstuk 6

**Volwasse jare**

My droom om verder te gaan studeer is nie verwesenlik nie, maar dis tog lekker om te voel ek kan my ouers help met ‘n ekstra geldjie elke maand. Soggens haal ek die bus in Pretoria stad-toe, en stap ‘n ver end na die Uniegeboue waar ek by die Departement van Binnelandse Sake: geboortes, huwelike en sterftes begin werk het. In Pretoria, op 2 Mei 1953, trou ek met my mooi lugmagheld, pa van my vier kinders. In 1956 gaan woon ons in die splinternuwe staaldorp waarvan almal praat: Vanderbijlpark. Ons sien die plek groei en ontwikkel, en beleef die benoude tyd van Sharpeville. My ouers en my skoonouers is hier begrawe, en die meeste van my nasate bly nog steeds hier.

| | | |
|---|---|---|
| Levina Catharina Magrietha (**Kattie**)<br>VAN DEVENTER (j1)<br>*29/4/1934 Waterbergdistrik, Bosveld | x | Joshua Benjamin HAARHOFF<br>*6/3/1930 Wynberg, Kaap |

**Ouers** van
↓

**1.** Levina Catharina Margaretha HAARHOFF/VERMEULEN (k1) *1954 Pretoria x Frederik Johannes VERMEULEN
1.1 Levina Catharina Margaretha (Mirna)VERMEULEN/MYBURGH (L1) *1977 Vdbp
1.1.1 Christian Marko MYBURGH (m1) *2000 Nelspruit
1.1.2 Duvan Eugene MYBURGH (m2) *2003 Nelspruit
1.2 Marelize VERMEULEN/VAN DER WALT x ANDRE VAN DER WALT(L2) *1980 Vdbp
1.1.1 Mishka VAN DER WALT (m1) *2014

**2.** Jacoba Salomina (Kobie) HAARHOFF/STRÖH (k2) *1956 Orkney x Gysbertus Johannes (Gys) STRÖH
2.1 Gysbertus Johannes STRÖH (L1) *1980 Vdbp x Sharlene ENGELBRECHT
2.1.1 Abigail STRÖH (m1) *2011 Vdbp
2.2 Wynand Benjamin STRÖH 1981 Vdbp (L2)
2.3 Salomi Levina STRÖH/LAUBSCHER 1983 Vdbp (L3) x Dewald Coenraad LAUBSCHER
2.3.1 Dedre LAUBSCHER 2010 Vdbp (m1)
2.3.2 Siska LAUBSCHER 2014 Vdbp (m2)

**3.** Jan Hendrik HAARHOFF (k3) *27/8/1960 Vdbp †14/6/1978 Vdbp

**4.** Joshua (Junior) HAARHOFF (k4) 1961 Vdbp x Gertruida Anna Magdalena (Magda) BOTES
4.1 Joshua Benjamin HAARHOFF (L1) *1987 Vdb x Chimone O’BRIEN
4.1.1 Joshua Benjamin HAARHOFF (m1) *2013 Nelspruit
4.2 Nadine HAARHOFF (L2) *1991 Vdbp



## Custom-made genealogy gifts

Trevor Dickerson

Put your research to good use in creating unique, personalised gifts for family members. Special occasions like births, anniversaries and weddings need a special something to commemorate them, and a genealogical certificate will be treasured forever. All you need is time, some facts relevant to the person, and very basic computer skills. I have made simple certificates using Excell. The examples on the next two pages were created with Corel Photo-paint 9. If you have a good printer, the monetary outlay is minimal, or you can have the certificate professionally printed on good paper, and even framed. Remember that images should be 300dpi or higher for good quality printing. Get creative! Enjoy.





The British Settlers of Grahamstown
presented a Bible
to the Voortrekkers
on their way North

This is to Certify that
**Shayna Leigh Smith**
is a lineal descendant of
Jacobus Johannes (Koos Bybel) Uys
the Voortrekker leader who received this Bible.

His great-great-grandfather was
Jan Cornelisz Uys
from Amsterdam, Netherlands,
the Uys "Stamvader" in South Africa

**Certifying genealogist**

**Date**





*This is to certify that*

**Trevor John Dickerson**

*Has* **21** *different 1820 Settlers*
*in his direct lineage.*
*They are:*

**Richard William Hulley and his spouse Ann Brangan**
**Ann Hulley - came as a child**
**David Cawood and his wife Mary Smith**
**Betty Cawood - came as a child**
**William Gradwell - came as a young man**
**James Randall and his wife Rebecca Watts**
**Timothy Flanegan and his wife Mary Coleditch**
**James Flanegan - came as a child**
**Henry Brooks and his wife Sarah NN**
**John Pankhurst - came as a young man**
**Lucy Pratt - came as a young woman**
**George Pratt - came with his second wife**
**James Usher and his wife Sarah Holloway**
**Joseph Wright and his wife Elizabeth Richardson**

*Genealogist*
*Date*





# Grepe uit my kinderjare

Hennie Steyn

Ek is op 21 April 1939 gebore, en Hendrik Schalk Steyn gedoop. Die loop van die lewe: wanneer mens gebore word weet jy van niks. 'n Ruk later word jy bewus van jou bestaan, en neem waar dat daar mense rondom jou is. Ek dink dit is van daardie tyd af dat mens sekere grepe in jou lewe begin onthou. So onthou ek waar ek in die babastoeltjie langs die etenstafel sit, en hoe my ouers my vra om te wys hoe die masjien wat grondskep dit doen. Die padbouers het die dag by ons aan tafel saam geëet. Dit was tot hulle groot vermaak dat ek die masjien nagemaak het.

Ek onthou hoe 'n paar van my ouers se besoekers sigarette gekoop en dit by my gelos het, sodat hulle dit kammakastig by my kon terugkoop teen 'n pennie elk. Ek en my ouma het die beheer or die sigarette gehou. Ons het gereeld gifpyle uitgedeel. Ouma was blind vandat sy dertien jaar oud was, en ek het baie tyd op haar skoot deurgebring. Sy het gereeld vir ons in die bresse getree as ons slae moes kry vir ons stoutigheid. Natuurlik het sy ook baie stories gehad om te vertel, tot groot vermaak van ons kinders. Vandag is ek jammer dat ek nie regtig geluister het om te *onthou* nie, maar slegs haar stories gehóór het – een oor in, die ander uit.

Die een of ander van ons kinders moes Ouma na die longdrop begelei as sy 'n behoefte het. Dit was 'n ent van die huis af op die plaaswerf. Daar was 'n hoenderhaan wat altyd vir ouma bevlieg het as sy oppad was, om haar te skop. Dan gee dit 'n geskree en gejaag af om die haan tot ander insigte te bring.

Op die foto langsaan is Pa Hans, Ma Anna, my oudste suster Joey en ek. Die hoop klippe op die agtergrond van die foto is steenkool vir die koolstoof. Die steenkool is van Arnot met 'n ossewa aangery. Dit het gekom van die plaas Blesboklaagte wat aan ons oupagrootjie behoort het. Dit was die plaas Klipfontein naby Leandra, nogal 'n distansie om die kole aan te ry. My suster Joey was my speelmaat. Ons twee het daagliks 'n besonderse teestelletjie van ons ma geleen om huis-huis mee te speel onder 'n groot bloekomboom naby die huis.



My ouers het 'n baan vir perdewedrenne op die plaas gehad. Al die familie het nabygeleë plase besit. Hulle het soggens vroeg met mekaar gewedywer, om te sien wie die eienaar van die beste perd is. Daar was elke Nuwejaar 'n boeredag, en dan het die publiek van heinde en verre gekom om die dag op ons plaas deur te bring. Mense het sakresies gehardloop, eier-resies en al wat boerespeletjies was gespeel, soos haanskop en toutrek.



Pa Hans met twee resiesperde

Toe ek so drie of vier jaar oud was, het ek en my swart maatjie die een oggend ‘n perdestal besoek. In die stal val my maatjie se hoed af, en die perd loop staan met sy hoef op die hoed. Die seuntjie probeer die hoed onder die perd uittrek, en die perd skop hom teen sy kop. Ek hardloop skreeuend uit huistoe vir hulp. Die kind word bewusteloos en vol bloed uit die stal gedra. Pa trek die Chev uit die waenhuis, en hulle jaag met die seuntjie dorptoe. Gewoonlik is daar net met die perdekar gery, want dit was oorlogtyd en petrol was skaars. Toe die mense later terug plaastoe kom is my maatjie gelukkig weer reg. Die dokter het hom dertien steke in die voorkop gegee.

Op ons plaas was daar drie knapies wat in 1939 gebore is. Ekke, David (na my ma se broer vernoem) en Hans (na my pa vernoem). Dit was David vir wie die perd geskop het. Dawid en Hans se pa se naam was Boesman. Hy het drie vroue gehad, daarom dat ons so op ‘n string dieselfde jaar opgedaag het.

My ma se broer, my oom David, het eenkeer vir my ‘n klein ossewa gebou. Dit het net soos ‘n regte wa gelyk. My twee maatjies laat my op die wa klim en hulle trek my op die werf rond. As ek genoeg gery het en afklim, dan huil die twee. So dwing hulle my om maar weer op te klim. Die swartmense gee my toe die naam van Mkolosh, wat glo ossewa beteken, maar in watter taal weet ek nie. ‘n Wa is inqola in Zulu en koloi in Xhosa. Hoe hulle by daardie naam kom is ek nie seker nie. My kleiner broer was onder die mense as Umhlabathi bekend. Dit beteken grond. Hy het graag in die grond gekrap en tuin gemaak.

Baie jare later, hier om-en-by in 1994, na Vader se dood, het ek my moeder geneem om ‘n bietjie rond te ry en die familie te besoek. Ons kuier toe by my pa se jongste broer en sy vrou op Eendrag. Sy naam is ook Hendrik Schalk, soos myne, en hy was alombekend as Hekkie Steyn. Daar sien ek ‘n houtsaag wat my swaer, ‘n boer op Swartruggens in die Bosveld, handig sou kon gebruik. Ek onderhandel om dit te koop, en later ry ek en my swaer met ‘n vragmotor

om te die saag te loop haal. Daar gekom, roep oom Hekkie 'n paar swart mans om die saag vir ons op te laai. Toe hulle klaar is, kom een hulle na my toe en hy vra, "Is jy Hendrik ?"
"Ja," sê ek.
"Hoe oud is jy?" vra hy vir my.
"Vier-en-vyftig," sê ek.
"Dankie," sê hy, en hy loop.
"Wie was dit?" wou ek toe by Oom Hekkie weet.
"Kan jy vir David onthou wat die perd geskop het?" vra Oom Hekkie. Ek knik. "Die einste," sê hy.

Die storie van die saaglaai herinner my aan iets wat my destyds baie beïndruk het. Ek het saam met my pa gegaan om mielies aan die OTK op Holmdene te lewer. (OTK staan vir Oostelike Transvaalse Ko-operasie). Nou, as jy daar stop met jou sleepwa, dra swart mans die mieliesakke. As ek reg onthou het elke sak 210 pond (105 kg) geweeg. Een vir een klim hulle die "stack" uit, en klim dan weer af om die volgende sak op te dra. Daar was toe nog nie meganiese stackers nie, en die mans het die werk heeldag volgehou, elke dag van die week, solank as die seisoen duur. Kan mens die liggaamlike krag en uithouvermoë van daardie mense begryp en oorvertel!



Gedurende 1948 koop my vader sy eerste trekker om in die plek van osse op die plaas te gebruik. Dit bring 'n einde aan die groot taak van die trekdiere in- en uitspan. Ek, 'n knapie van so nege jaar oud, leer toe hoe om die trekker te bestuur. As jy iets op die plaas kan doen word dit spoedig jou daaglikse werk. Ons plaas was teen die grootpad tussen Charl Celliers en Standerton geleë, en menige mens het langs die pad stilgehou om die petalje te beskou: 'n trekker wat oënskynlik sonder bestuurder op-en-af die lande bewerk. Hulle het seker gedink die ding word met 'n afstandbeheerder bedryf.

Ek en broertjie Pieter moes eendag die skape oppas, dat hulle kan wei en uit die mielies bly. Maar ek het 'n houtskip vir Kersfees gekry. Ons twee bedryf toe 'n speletjie in die spruit. Die skip vaar te lekker tussen ons twee se hawens. Ma hou die toedrag van sake dop. Die huis die is op 'n rant geleë en sy kan alles waarneem. Sy sien die skape in die mielies, maar die skaapwagters maak niks. Sy blits vir ons met 'n spieël. Ons hol en kry die skape onder beheer, maar ek het nog lus vir speel. Ek sê vir boetie, "Die goed het nie ore nie. Kom ons loop jaag hulle in die kraal." So gesê en so gemaak. Hier kom Ma met die sambok! "Wat dink julle doen julle?" Ons verduidelik, maar sorg ook dat as sy dié kant van die kraal is, ons aan die anderkant is. "Julle pa sal vanaand julle nerwe aftrek!" belowe sy, en sy maak die hek oop. Daar moes ons toe maar weer mooitjies agter die skape aan trek. En daardie aand het ons dit gewaar!

Ons het nie elektriese lig op die plaas gehad nie. Kerse en paraffienlampe was aan die orde van die dag. Op die koolstoof wat heeldag gebrand het, het 'n koffiekan bly staan, altyd gereed om moerkoffie uit te skink. Die stoof is aan die gang gehou met mieliestronke. My hooftake was: "Maak die swartstoof swart en hou die rooistoep rooi." Dan moes ek nog ook die plankvloere met die hand blinkborsel. Geen krag, geen polisher nie. En ek gaan afsluit met die taak wat ek régtig gehäát het. Elke oggend moes ek die slopemmers gaan leegmaak. Die taak het my gegrief, want ek moes dit ten aanskoue van my pa se werkers doen. En dan moes die vieslike goed nog skoongewas word, voor dit gebêre kan word. Dit was seker maar 'n goeie les in nederigheid wat my ouers my geleer het.



# ‘n Baie lang vakansie

Erna Buber-deVilliers

Toe die skool in 1956 vir die April-vakansie sluit, moes ek vir my nuwe graad twee maatjies totsiens sê. Ek was nog maar een kwartaal in Laerskool Rietfontein, Pretoria, en ek het nét onlangs by die Voortrekkertjies aangesluit en het nognie eers ‘n uniform kon kry nie. Ek kon my Rol-Tol en Rom-Tom leesboekie vlot deurlees, en het die gebedjie wat ons groot pouse opgesê het (met kosblikkies netjies voor ons op die banke) mooi geken: ‘Dankie, Heer, vir wat ons eet, brood en melk en bloedrooi beet, vleis en eiers, perske, peer; dankie, Here, sê ons weer.’ Maar nou moes ons alweer vort, na ‘n ander land toe, waar ek ‘n ander taal sou moes leer lees, want Pa was ‘n diplomaat en hy sou na Suid-Afrika se handelsbelange in Skandinawië gaan omsien.

Ek was baie hartseer om ons huis in 19e Laan, Rietfontein, te verlaat, want ons het skaars vyf maande vantevore daar ingetrek. Voor dit het ons in die Impala Hotel gewoon, ‘n hele jaar lank. Graad een was ek in Oos-Eind skool, in Juffrou Du Plessis se klas. Toe Pa se aanstelling in London deur die mat val, het sy base gesê ons kan maar ons meubels laat uitpak en in ons eie huis gaan woon. Ek het daar ‘n eie kamer gehad, en al was dit vir my ‘n aardige ervaring om ‘n buite-toilet met ‘n emmer te moet gebruik (en snags op ‘n potjie te moet sit), het ons enorme tuin met sy blomme en groente en vrugte daarvoor opgemaak. (Kan mens dink dat ‘n voorstad van Pretoria in 1956 geen rioolering of spoeltoilette gehad het nie?) In die huis langsaan het my spesiale vriendin, Tannie Venter, gewoon. Sy het my vreeslik bederf, en gereeld vir my een van haar botteltjies heel groenvyekonfyt persent gegee. Ek was maar sewe jaar oud, maar het elke Woensdag na skool alleen met die bus Pretoria se plein toe gery, waar President Kruger so waardig gepryk het, en daarvandaan na die Kunssentrum in Skinnerstraat gestap waar ek kunsles by Prof Walter Battiss geneem het. Daarna het ek na Pa se kantoor skuins oorkant Pretoria Stadsaal geloop, om saam met hom huistoe te ry. Hy het die radio vir my aangeskakel, sodat ek Tarzan se avonture op Springbok Radio kon volg.



Maar dit was nou alles verby. Ons het meeste van ons goed verkoop... my geliefde gietyster stootskraper moes ook gaan, sowel as my enorme geel driewielfiets wat 'n ketting gehad het nes 'n tweewielfiets. Die troos was dat skole in Swede 'n baie lang somer skoolvakansie het. Hulle skooljaar eindig in Junie, en aangesien ons eers in Mei daar sou aankom, hoef ek eers met die nuwe skooljaar in September weer te begin skoolgaan. Vyf maande vry!

Ons het op 'n Sweedse vragskip gereis. Daar was net elf passasiers aan boord. My sussie en ek was die enigste kinders. Maaltye het ons saam met die ander passasiers, die kaptein en offisiere geëet, almal om een groot tafel in 'n kleinerige eetvertrek. Ek onthou dat daar baie spierwit gekookte aartappels was, sommer opgehoopte bakkevol. Die mense het ongelooflik baie artappels geëet, net geskil en opgekook, nooit as 'chips' of lekker bruingebak nie. En *smårgasbord*, oop rogbroodjies met allerhande oneetbare goed versier... soos gepekelde haring en viseiers. Maar die broodjies was mooi om na te kyk, soos individuele kunswerkies, elkeen verskillend. Al wat ek destyds op my brood wou eet is grondboontjiebotter, en dit was onbekombaar.

Vir my was die lekkerste van die reis om die hele skip van bo tot onder te ondersoek, met elke leertjie op en af te klouter van bo op die kaptein se brug tot diep in die enjinkamer met sy hitte en geraas en oliestank. Was 'n sewejarige dogtertjie nie 'n laspos vir die mense nie? Was dit nie gevaarlik nie? Ek onthou net vriendelikheid. Ek het urelank op die heel agterste end van die skip staan en tuur na die son wat op die water blink, die lang V-vormige baan wat ons agterlaat, die gekolk van die water wat die skip se skroef so maal en maal, en die vlieënde visse dopgehou. Daar het eenkeer so 'n vis op die dek beland. Pa het hom gevang en nadat ons hom goed bestudeer het, het hy hom teruggegooi. Ek het baie vryheid geniet, seker oor Ma meeste van die tyd te seesiek was om haar kop van die kussing te lig, daar op haar smal ingeboude bedjie in ons piepklien, benoude kajuit.

Toe ons by die trope aankom, was daar 'n groot getimmer en gewerskaf op die dek, en na 'n paar uur het daar 'n groot houtboks gestaan, met 'n seil uitgevoer. Die boks is vol seewater gepomp en siedaar! 'n Swembad! Ek het in daardie houtboks leer swem. Eers het ek net om-en-om met die toue langs hand-oor-hand gevorder, toe het ek by die hoeke laat los en oorgespring, al verder en verder. Uiteindelik het ek myself met 'n harde skop van een bokskant na die ander laat duik, en toe ek weer sien, swem ek! Die soutwater het seker gehelp – mens is mos ligter in soutwater (dink ek?).



In Stockholm aangekom het ons sommer dadelik ons woonstel betrek. Dit was in 'n voorstad, Solna, waar daar aanmekaar woonstelblokke was, met granietkoppies en parke tussenin. Ons woonstel het twee verdiepings gehad. Die boonste verdieping, reg onder die gebou se dak, was een groot U-vormige kamer waarvan die noordelike muur net venster was – dit was 'n sogenaamde 'studio flat'. Noorderlig is daar blykbaar gesog by kunstenaars. Die gedraaide trap na die boonste verdieping was van lieflike, ligte beukehout (Swede is dig bebos!), en die parquetvloere was van dieselfde hout, maar vuil en donker en gevlek van dik lae politoer. Die eerste taak wat Ma haarself opgelê het was om daardie vloere skoon te kry. Sy het daelank plat op die vloer gesit en krap-krap-krap met 'n plastiekskrapertjie met 'n lemmetjie daarin, en emmersvol van die taai goed afgekrap. Ek het nou en dan gehelp, maar gou verveeld geraak, en dan het ek liewer buite gaan verken en probeer maatjies maak. Ek kon nognie Sweeds praat nie, maar kinders kry dit reg om mekaar te verstaan. Ek het gou-gou die nuwe taal so op 'n manier aangeleer.

Die eerste keer toe my ma gaan inkopies doen was daar konsternasie by die supermark. Toe sy by die betaalpunt kom met haar mandjie proviand, word die bestuurder geroep. Met 'n gesukkel en baie gebare verduidelik hy dat my ma se dosyn tamaties en twee komkommers die winkel se week se groentevoorraad was. Die mense daar koop één tamatie op 'n slag, en komkommer per duim, net vir garnering. Hy wou weet of Ma altyd sulke kwantiteite groente sou koop, en toe sy dit beaam, belowe hy om spesiaal vir haar te bestel. Ma het lekker tamatieslaai gemaak, met baie uie, asyn, sout en peper. Wanneer laas het ek so 'n slaai geëet? Ek dink tamatieslaai is deesdae uit die mode. 'n Ander slaai wat ek nét by my ma geproe het, was 'n appel-blaarslaai-neute konkoksie met suiker en room. Dit was heerlik. Ek het nooit die resep by haar gevra nie, en het geen idee hoe om dit te maak nie.

Ma het eendag, toe die lenteson al lekker warm geskyn het, 'n skok beleef. Sy het die wasgoed op die balkon uitgehang, toe sy per ongeluk afkyk op die balkon onder ons s'n. Daar het 'n dame poedelkaal lê en sonbaai, blink van die olie. My pa het daardie middag tuisgekom en vertel dat oral waar jy tydens die middaguur kyk, die mense op die trappe van geboue en in die parke sit met hul hemde of bloese uitgetrek en hul gesigte na die son gedraai, soos sonaanbidders. Daardie jaar was dit vir ons 'n aardigheid, maar na ons eerste nege maande se donkerte en koue in die noordelike klimaat, kon ons amper daaraan meedoen. Mens raak daar regtig honger vir son, en jy wil soveel as moontlik van jou lyf in die son kry as jy kans het. Kinders het nie baaikostuums by openbare swemplekke gedra nie, en hele gesinne het kaal gepiekniek op die privaatstrandjies aan die waterweë rondom Stockholm.

Soos by die Washington ambassade, Pa se eerste buitelandse pos, was hy weer die eerste Afrikaner by die Stockholm ambassade, en Ma die enigste dame wat geweet het hoe om koeksisters te bak. Op Uniedag, 31 Mei, sou daar 'n spog-onthaal by die ambassade plaasvind, waarheen alle verteenwoordigers van die gemenebeslande sowel as belangrike Swede genooi is, en Ma se opdrag was om seshonderd koeksisters te bak. Sy het aan die werk gepring, en dae en nagte by die stoof spandeer. Ek het graag by haar gaan staan en gesels, en 'n lawwe ding gedoen. Hoekom weet ek nie... dalk het ek gesien hoe sy haar hand bokant 'n stoofplaat hou om te toets of dit warm is. Toe sy die pot warm olie of stroop of wat ook al verwyder, sit ek my hand op die plaat neer. Eers was daar 'n aaklige stank van verbrande vleis, en toe – onbeskryflike pyn! Ma het my hand eers 'n ruklank in yswater gedompel, en toe later saggies afgedroog. Ons het geen dokter geken nie, Ma het self gedokter. Sy het die verbrande palm van my hand dik met Vaseline ingesmeer, toe watte, toe gaasverbande omgeraai, en my met pilletjies uit haar houtboks homopatiese medisynes in die bed gesit. Ek kan onthou hoe ek daar gelê het, pynbedwelmd, met die vlae seer wat op en af oor my hand rol. Maar dit het verbygegaan. Ma het die hand elke dag versigtig skoongemaak, nuwe Vaseline, watte en verbande opgesit. Die blase was so groot dat ek my vingers nie kon buig nie, maar Ma het gesê mens moet hulle nie stukkend steek nie, want daar sal kieme inkom. Toe hulle vanself begin stukkend gaan, en die nuwe, pienk vel daaronder begin wys, was die vrot stank van daardie ou velle onbeskryflik. My hand het genadiglik geen permanente skade oorgehou nie, en daar is geen verskil te bespeur tussen my twee handpalms nie. Dis 'n wonderwerk! Daardie homopatiese houtkissie het Ma by haar Duitse sendelingpa geërf, en ek dink sy het met die jare seker al die medisynes daarin opgebruik... of dalk het sy dit weggegee. Ek wonder wat daarvan geword het.

In my geheue val daardie Uniedag, 31 Mei 1956, saam met nog 'n opwindende gebeurtenis: 'n staatsbesoek deur die Koningin van Engeland, Elizabeth II, aan Swede. Ek weet dat die lede van die Suid-Afrikaanse Ambassade by 'n onthaal aan haar voorgestel is, en ek dog dis daardie einste onthaal waarvoor Ma die 600 koeksisters gebak het. Ek het ge-Google, en uitgevind dat die offisiële staatsbesoek van 8–10 Junie 1956 geduur het, waarna die koningin 'onoffisieël' die 'Equestrian Olympics' in Stockholm bygewoon het. Kon sy ook 'onoffisiëeel' die vorige week al daar gewees het, om die Uniedagviering by te woon? Ek weet nie. Ek weet net dat my ouers aan haar Majesteit gepresenteer is, en dat my ma en sy oor hul kinders gesels het... Prins Charles is mos net 'n bietjie ouer as ek.



Pa Jan Harm SCHUTTE en Ma Martha Elizabeth Frieda Auguste SCHNELL, 1956, Stockholm.


**Dressed for the Queen**

Ek het die foto hier langsaan 'gedokter'. Op die agtergrond is wel die koningin se Royal Yacht in Stockholm te sien, maar dis 'n 2005 foto. My ouers het mekaar apart voor die geleëntheid op ons balkon afgeneem, en ek wou hulle graag saam op een foto hê. Ook was die oorspronklike agtergrond van woonstelblokke defnitief nie grênd genoeg vir sulke deftige uitrustings nie!

Albei moes voor die tyd klasloop om korrekte protokol te leer, en Ma het saam met 'n klomp dames geleer hoe om diep te 'curtsey' vir die 'queen'. Sy het dit tuis gedemonstreer, en ek het maar gehoop dat sy nie omval nie. Na die tyd het sy vertel dat wat haar die meeste getref het was hoe klein en fyngebou die koningin is, en dat sy niks geëet of gedrink het nie. Prinses Margaret was vir Ma ook baie mooi, en sy het gepraat oor haar lang rooi naels, bloedrooi lipstiffie en lang sigarethouer. Sy het haar drankies geniet, het Pa vertel. Ek kan nie onthou dat enigeen van my ouers iets oor Prins Philip te sê gehad het nie.

Daardie eerste somer in Swede het stadig verbygegaan. Ek sou in September na die 'English School' gaan, 'n privaatlaerskool met net oor 'n honderd leerlinge, vier onderwyseresse, en kinders van drie-en-dertig verskillende nasionaliteite.

Die struikelblok wat voor September oorkom moes word was my onvermoë om op standerd een vlak Engels te lees, want daar is besluit om my in Miss Lawrence se klas te plaas, en nie by die graad een en tweetjies nie. My ouers het 'n hoop Engelse kinderboeke aangeskaf, die meeste deur Enid Blyton. Na 'n aanvanklike gesukkel het ek die Secret Seven reeks verslind. Sewe kinders het in die geheim in 'n "shed" in die tuin bymekaargekom om planne te beraam om misdade op te los. Hulle het by elke vergadering koeldrank gedrink en daar was altyd 'n blik baai-skwaai-yits om te eet. Ek het gewonder wat die baai-skwaai-yits tog kon wees... tot ek uitgevind het dat ek die woord biscuits verkeerd uitgeklank het. Pa het darem vir ons ingeteken op die Huisgenoot, Kleinspan, Jongspan en die Patrys, dus het ek nooit my Afrikaans verleer nie. Dit was lekker dae. Ek was tuis in die vreemde, want my ouers was daar.



## 'n Allegaartjie

Fransois Deysel

My oupa Frans en sy ouers het naby Frankfort op die plaas Vlakfontein geboer. Hulle was gesiene mense van die distrik. Oupa het gedink hy doen goed toe hy vir sy medemens borg gestaan het (al waarsku die Bybel daarteen!), en toe verloor hy alles behalwe 'n wa en 'n span osse wat vermoedelik op my oom Jaap se naam was. Sy neef, oom Naas Pieters, was 'n karweier, en hy het Oupa en Ouma en hulle kinders en aardse goedjies help trek Standerton toe. Daar het hulle toe op die plaas Kaalspruit as bywoners gaan woon. Ek is nie seker nie, maar ek dink die boer se naam was Steyn. Dis hoe my familie uit Frankfort se wêreld kaal op Kaalspruit naby Standerton geland het.

My pa, Josua Emmaneul DEYSEL (*27.10.1906 †30.04.1983), het nooit politiek gepraat nie, maar ek vermoed dat hy 'n Smutsman was. Hy is gedurende die tweede wêreldoorlog as soldaat noorde toe, en was 'n krygsgevangene. Ek het 'n brief wat in 1947 aan hom geskryf is:

129 Hallowel Road
Northwood
Middlesex
ENGLAND
18th Feb. 1947

Dear Joe

Thank you very much indeed for your letter – in reply to mine – I was very happy to receive it. It was indeed a relief to know that you arrived home to your native land safely. Anything could have happened to any of us – in those mad days, Joe – so I am truly thankful to know that one of my friends has survived it.

The last time I saw you, I think, was in Voitsburg – remember? You may or may not have seen either Van der Poel or Kalis. If you have met them they would have told you everything that happened afterwards. So I do not think I should bore you with that eventful story. The main thing is that we're home again and that it is all over, but the bond of friendship that sprang up between us while we were prisoners still remains, to me it is something always to remember.

I shall always be proud to have known South Africans and to have had them as pals and friends. Not only the friendship, but the good-hearted generosity shown to us at Cape Town and Durban on our way out to Egypt. The South Africans who wrote home to my parents to tell them I had passed through Cape Town and Durban and that I was well and safe, I shall remember that. I shall remember Africa for its beautiful scenery and climate.

I hope that by the time you get this letter that it is a bit warmer here. We have had six weeks of continual snow and ice up 'til now and the temperature has only four times been above freezing point. It is the longest cold spell for years and years. It has closed hundreds of factories down, because coal and fuel cannot be transported through. Hardly anyone has any fuel. The food ration is also very poor considering that 'Victory' was ours. People here say that it is worse now that the war is over than it was when the war was on. Conditions over here are very poor indeed. Whether they will improve or not, no one knows. I sure hope so. But at least – like you – we have a warm bed and have no fear at all now.

My wife and I have to live with my mother-in-law, because there are no houses to be had. We have our names on a list for one. Heaven knows when we shall get one. The price of furniture and such stuff is scandalous – you would think that the furniture is made of gold.

I expect that you get bored, Joe, so I think perhaps I ought to finish up my letter.

The King and Queen are loving South Africa now, and last night we heard good old Field-Marshall Smuts make a speech, on the radio – it was very good.

Well, Joe, here is where I must say 'Auf wiedersehen' again and farewell – hoping to hear some more news of you. Perhaps your next letter will tell me that you are the father of twins – or don't you think so? I will write to tell you if my wife gives birth to a boy or girl. Thank you once again. Cheers for now. Best regards to you and all at home.

*Yours,*
***Bill Reynolds***

Na die oorlog het Pa by die Nestlé melkfabriek op Standerton begin werk. Daar's 'n familiestorie dat Bill vir Pa 'n mooi jong vrou toegewens het, miskien in 'n brief wat verlore gegaan het. Hoe dit ookal sy, is Pa toe op ouderdom vyf-en-veertig getroud met 'n jong weduweetjie, Gesina Chathrina Elizabeth GROBLER (*10.3.1923 †19.02.1996), sewentien jaar sy junior en op agt-en-twintig al ma van drie kinders. Ek, Frederik Fransois DEYSEL, is gebore op 9 Junie 1951 en is een van 'n tweeling waarvan Bill – dalk profeties? – geskryf het, alhoewel my broertjie net twee dae geleef het. Ons was op die ou end ses seuns en een dogter, alombekend as 'die rooikop broers en een swartkop (seker die melkman se kind)'. Al wás vier kinders Deysels en drie kinders Van Biljons, was ons een hegte familie. My ouers het in Standerton gebly tot hul afsterwe, en ek het daar grootgeword, skoolgegaan en begin werk.



Ma is heel links op die foto. Sy het in die Standerton Hospitaal se kombuis gewerk. Ek vermoed die foto is omtrent 1949 geneem.



Agter: My suster Henna (Hendrina van Biljon) en my ma
Middel: Manie Josua Emanuel DEYSEL, Douw Gerbrand VAN BILJON, Petrus VAN BILJON en ek, Frans DEYSEL
Voor: Leon DEYSEL (die enigste swartkop) en Niklaas DEYSEL

Toe ek in graad een was, was my pa al in sy vyftigerjare. Ek kan onthou hoe 'n maat in die klas eendag sy vakansiestorie moes vertel. Ek kon dit nie kleinkry nie. Dit was vir my heeltemal onverstaanbaar dat hy met sy pa op die strand ***gespeel*** het, en hom met sand en water gegooi het!

'Onbeskof,' het ek gedink. 'Mens speel nie met jou pa nie! Hy is oud, hy werk, hy's moeg. Mens moet hom alleenlaat, respek hê, laat rus.' Eers toe ek self met my kinders gespeel het, het ek besef wat ek as kind gemis het.



Agter: Ek (Frans)
Voor: Ouboet Peet met Leon; Douw met Niklaas en Manie heel regs.

Drie van my boeties het verdrink terwyl hulle met vakansie was. Twee op Nuwejaar, en twee op 31 jaar oud.

Manie, 31, op Durban se Addington Beach, Nuwejaar.
Niklaas, 37, in Bronkhorstbaaidam op Nuwejaar.
Leon, 31, in die Hartebeespoortdam.

Ek is bang vir water. Ek swem nie.


Op 22-jarige ouderdon, in 1973, gaan woon ek in Balfour waar ek trou met my vrou, Helena Wilhelmina Hendrina OOSTHUIZEN van die Weskaap. Ons het twee kinders: ‘n seun Elmar en ‘n dogter Yolande en net een kleinkind. Hy is erger as sy oupa: ook ‘n rooikop en ‘n woelige klein mannetjie.

Nou wil ek ‘n bietjie vertel oor my familienavorsing. Ons gaan elke Desember Kaaptoe, en een jaar toe ons soos gewoonlik daar was, loop ek en ‘n vriend in die stad rond. Ek kry toe die blink idee om te gaan kyk waar ons vandaankom. Ons kom mos almal oorspronklik van die Kaap af, meen ons, dus gaan sit ons in die NG Kerkargief. Ek kry ‘n boek oor die Deysels en my vriend een oor die Diederickse en ons begin blaai…

Na sowat ‘n uur kom daar ‘n persoon vra of ons kry wat ons soek. Ek vertel hom wat ons doen, en hy sê ek soek ‘n naald in ‘n hooimied. Hy vertel toe hoe ek eintlik te werk moet gaan, en ons is daar weg onverrigter sake. Ek vergeet toe maar van die vandaankom-soekery vir ‘n paar jaar, totdat die gogga my weer byt.

Een Sondagoggend pak ons koffie en toebroodjies, en daar is ons vanaf Vereeniging vort op ’n groot trek Frankfort toe. Dit was ek, my vrou, my nig van Meyerton Marthina Marais (gebore Deysel), ‘n neef van Pretoria Jacobus Groenewald (sy ma, ant Fiena, was my pa se suster), en my pa se jongste suster, Hettie. Sy was toe al 89 jaar oud, en die enigste een wat nog leef uit Pa se geslag. In Frankfort aangekom, woon ons ‘n diens in die kerk by waar my pa, sy broer en susters gedoop is. Vir my tante Hettie Visser het hul in 1922 ten doop daar ingedra. Sy het dit baie waardeer om daar te wees.

Na die kerkdiens ry ons van plaas tot plaas, op soek na die een wat aan Oupagrootjie behoort het. Ons weet dis altyd gesê die plaas was so ses myl van die dorp af gewees. Ons kom op ‘n plaas aan met die naam van Jacobs Erf. Daar was niemand tuis nie, maar nie ver van die opstal sien ek iets wit daar in die veld, en besluit om van nader te gaan inspekteer. Dis ‘n grafsteen met die name en datums van my oumagrootjie daarop. Daar is ons toe so opgewonde met ons eerste vonds!



Ter nagedagtenis
aan
ons geliefde moeder E.E.A. Deysel
Geb. Van Rensburg
Geb. 14 April 1858
Oorl. 22 Mei 1927
Gesang 124 verse 9-10

Hier lê Elizabeth Emmarentia Anna JANSEN VAN RENSBURG – maar waar is my oupagrootjie, Jacob Marthinus Jurgens Deysel, haar man? Hoekom lê Oumagrootjie hier alleen begrawe? Wie se plaas is hierdie gewees? ‘n Vonds en ‘n nuwe vraagstuk om op te los.

Daar was niks meer om op daardie plaas uit te vind nie, en ons kon ook nie bepaal waar presies my oupagrootjie en oupa se plaas Vlakfontein was nie. Dit sal weer ’n trippie Frankfort toe kos, of dalk sal ek moet leer hoe om NAAIRS te gebruik. Dit sal interessant wees om die ou kaart-en-transportaktes op te spoor, as mens so iets kan doen.



In Frankfort, weet ons, het daar ook van ons mense gebly, ‘n neef van my pa – oom Naas. My neef Jacobus was al daar gewees, lank gelede, en het ‘n idee gehad van waar sy huis dalk is. Ons kry na ‘n ruk ‘n ou huis wat vir hom bekend lyk, en ek gaan klop aan.

“Kan julle my dalk help? Ek soek die mense wat hier gewoon het,” sê ek. “Voor my het my pa al die jare hier gewoon…” antwoord hy. Dit neem net nog ‘n bietjie uitvra om te bepaal dat ons familie is, want daardie graf is ook ***sy*** oumagrootjie s’n. My oupa Frederik Frans DEYSEL het twee susters gehad, Hester Gertruida en Elizabeth Marthina. Hester was getroud met Barend PIETERS, pa van my pa se neef, oom Naas Pieters.

… En my oom Naas was hierdie man se pa. Hier voor my staan toe my eie kleinneef Ben Pieters!



Ben Pieters, my neef Jacobus Groenewald van Pretoria, en Ben se vrou, Hester

Hierdie eerste storiepoging van my is ‘n ietsie-van-alles, ‘n allegaartjie, maar darem het ek nou die ys gebreek. Dit het bloedsweet gekos, want ek háát skryf. Met die skrywe saam het ek al klaar ‘n plan vir volgende jaar se Storiewa gekry, en ek het nou ‘n lekker ***lang*** tyd om daaraan te werk. Ek gaan sommer dadelik wegval.



# Herinneringe aan spesiale geleënthede

Renier Feldtmann

Soos mens ouer word, bou jy ‘n skat van herinneringe op. Ek wil graag ‘n paar van my herinneringe, dié wat ‘n blywende indruk op my gemaak het, met julle deel.

My pa was op sy dag ‘n skrynwerker. Werknemers in die boubedryf het hul jaarlikse verlof vanaf die Vrydag net voor 16 Desember gekry. Die verlof was drie weke lank. Hierdie was dan die tyd wat ons as gesin weggegaan het vir ons jaarlikse vakansie. Tydens my kinderjare het my ouers die gewoonte gehad om die een jaar ‘n seevakansie te reël en die daaropvolgende jaar by familie te kuier.

My vroegste herinneringe dateer vanaf kort na my derde verjaarsdag. Daardie jaar het my pa en ma Pa se ouers Plettenbergbaai toe geneem, waarvandaan hulle oorspronklik gekom het. Ons het vir familie gaan kuier. Dit was dan terselfdertyd sommer ook ‘n seevakansie – twee vlieë met een klap. My eerste kennismaking met die see was alles behalwe ‘n goeie een. Ek was so bang vir die branders, dat ek nie eers op die nat sand wou loop nie. Ek het baie ver van die water af gebly! Een van my oupa se susters het buite Plettenbergbaai, in Keurboomsrivier, teen die hang van die berg naby die strand gewoon. Op ‘n keer, seker toe Kersfees al naby was, het die ouer mense teen die berg gaan stap. Toe ek wou weet waarheen ons gaan, vertel hulle my: “Ons gaan Kersvader op die berg soek.”

Meeste van ons familiekuiers was by Oupa Renier en Ouma Martha op Frankfort. Pa se oudste broer en jongste suster het ook in die distrik gewoon. Sy oudste suster het naby Kaapsche Hoop gewoon, waar haar man in die bosboubedryf in die berge gewerk het.



Toe ek sowat ses jaar oud was, het ons vir hierdie oom en tannie gaan kuier. Ek kan nog duidelik onthou hoe ontsteld ek was dat kersvader my nie daardie jaar besoek het nie. Ek het vol verwagting die dag ná Kersfees na my geskenke gesoek wat Kersvader seker die vorige nag vergeet het om by my af te lewer. Ek wou niks weet van my ouer neef se verklaring dat daar nie iets soos ‘n kersvader bestaan nie – dat dit maar net my eie ouers was wat die geskenke gegee het. Vir dae daarna was ek nog ontroosbaar!


Dis interessant hoe dinge vir ‘n kind baie groter lyk as vir volwassenes. Dit was vir my baie lekker om deur die bosbou-plantasies met die hoë bome te ry. As volwassene het ek weer daardie omgewing besoek (nadat my oom en tannie al oorlede is) en ek was verstom oor die feit dat die bome nie meer so hoog was as destyds, toe ek ‘n kind was nie.

Dis hoe ek in 1951 gelyk het

Van die vele feesmale op Kersdag kan ek nie veel onthou nie, behalwe die melktert en gemmerbier wat my ouma Martha op Frankfort vir Kersfees gemaak het. Vir jare na my huwelik was my vrou, Linda, erg ongelukkig met my. Ek het geglo dat net my ouma Martha lekker melktert kon maak. Ek het nie dié geëet wat Linda gemaak het nie! Deesdae weet ek egter van beter.

Nadat my pa in Januarie 1955 oorlede is, was seevakansies en kuiers by die familie iets van die verlede. Desember 1954 was die laaste vakansie saam met my pa. Ons het dit by Badplaas deurgebring. Daarna het dit ons gereelde vakansieoord geword. Later jare kon ek my nie ‘n vakansie voorstel sonder ‘n besoek aan Badplaas nie.

Langsaan is ek, 1961



My onaangenaamste Kersdag was seker dié van 1966. Ek het Juliemaand daardie jaar my militêre diensplig begin. 'n Paar dae voor Kersfees is ek as junior offisier na Middelburg uitgeplaas. Op Kersdag was ek die enigste offisier in die menasie – al die ander het by vriende of familie gaan kuier. En die slegste van alles was dat my ouers (my ma is gedurende 1957 weer getroud) net 'n paar kilometer daarvandaan op Badplaas vakansie gehou het!

Ons was weer op Badplaas die jaar waartydens ons oudste seun gebore is, saam met my ma en stiefpa. Eendag het ek, Linda en Pa Roelf so 'n erge sonbrand opgedoen dat ons nie in staat was om 'n hemp of bloes aan te trek nie. Ouma moes toe maar noodgedwonge die van 'n vyf maande oue baba versorg, terwyl Pa, Ma en Oupa met baie seer lywe rondsit.

Na my huwelik en die geboorte van ons twee seuns, het ons vakansiepatroon verander. Linda het niks gehou van die gedrang by vakansieoorde gedurende Desembermaand nie. Nou het ons Desember-roetine kuiers geword: tussen ons, Linda se ouers, en haar suster en man in Pretoria.



Toe my tweelingdogters so ongeveer sewe of agt jaar oud was, het hul ouer niggie begin om gereeld 'n Oukersaand kinderkonsert te organiseer. Daar was ook 'n jonger niggie in die groep. Die nefies wou niks weet nie! Konsert is nie vir seuns bedoel nie. Voorbereiding vir dié konsert was 'n geoefen uit 'n ander wêreld. Soms het die uitwerk van die program en inoefening al gedurende die Julie skoolvakansie begin!

Oukersaand was 'n hoogtepunt in die familie se saamwees vir Kersfees. Ons het saam die verhaal van Jesus se geboorte gelees, 'n gebed gedoen en dan kon die konsert begin. Die items op die program het uit musiek, sang en voordrag bestaan. Die dogters het klavier, blokfluit en kitaar gespeel. Na die konsert is die geskenke uitgedeel wat onder die kersboom geplaas was.

Kersoggend het ons as familie dan saam 'n erediens bygewoon; 'n tradisie wat vanaf my kinderjare kom en waarop ek en my gesin voortgebou het.

Intussen is my kinders almal getroud en het daar ook kleinkinders bygekom. Tans is die vier kinders oor die land versprei. Albei seuns woon in die Stellenbosch omgewing. Een dogter woon in Potchefstroom en die ander een in Kemptonpark.

Omdat die kinders met hul gesinne so oor die land versprei is, is dit nie dikwels moontlik om as een groot familie byeen te kom nie. Oukersdag 2011 was gelukkig een so 'n geleentheid. Almal het by die dogter in Kemptonpark gaan kuier. Daardie dag kon ons 'n foto van al 17 lede van die familie neem – die vier kinders met hul gades en al die sewe kleinkinders. Wat 'n heuglike geleentheid was dit nie!



Die heuglike geleentheid op Oukersdag 2011 toe ons hele familie byeen was.

Ek en Linda sit regs voor met een van die kleindogters op Linda se skoot. Ons oudste seun en sy vrou sit links voor – hulle was op pad na Disneyland in Amerika. Ons "jongste" dogter en haar man staan regs agter met hul twee kinders op die arms, die eersgebore van die tweeling en haar man is links agter met hul drie seuns by hulle. Ons tweede seun en sy vrou staan in die middel agter. Dis hul blondekop-eun wat heel links staan en hul dogter sit op Ouma se skoot.

Gedurende die afgelope aantal jare kuier ek en Linda Desember in die Kaap. Kersoggende woon ons dan die erediens in die Moedergemeente van die NG Kerk in Stellenbosch by. Daar is elke keer soveel mense teenwoordig dat sitplek in die omliggende strate verskaf moet word. Dis altyd 'n besondere belewenis om in hierdie ou kerkgebou saam met medegelowiges byeen te kom.

Na meer as 70 Desembermaande begin ek wonder hoeveel my nóg beskore is. Dan is my hart vol van dankbaarheid vir dié wat ek wel saam met my familie kon deurbring.



# Huldeblyk aan Elsa Naudé, 1953-2013

## In tere herinnering aan my vrou, kameraad, reisgenoot en steunpilaar

Johan Naudé

Ek dra die stuk op aan Elsa wat my geïnspireer, ondersteun en aangemoedig het om die stamboom van die Naudés van Naudésfontein saam te stel. Sy was vir baie lank 'n onherroeplike deel van Sasolburg (1974-2013), waar sy baie vreugdes en hartseer beleef het. Gedurende hierdie jare was sy ten volle vrou, moeder, reisbeplanner en onderwyseres, en hiervoor eer ek haar.

Gebore in Brandfort in 1953 het Elsa Roos haar onderwysloopbaan in 1974 op Sasolburg begin. Sy het deel geword van die Sasolburg-gemeenskap, en in 1976 trou sy met die uwe.



In 2009 word bors- en beenkanker by haar gediagnoseer.

Haar lewe is vir my soos die groot Vaalrivier wat hier bo Sasolburg vloei, so 'n onlosmaakbare deel van ons almal se lewens. Met haar koms op Sasolburg het sy kans gekry om in nuwe waters te vaar en sy het wonderlike hoogtepunte bereik. Toe die stroom net sterk begin vloei, het daar 'n GROOT rots in haar pad beland. Sy het aanvanklik baie hard geroei en gespartel om staande te bly, maar hoe harder sy geroei het, hoe verder het sy die stryd verloor.

Haar groot gawe was om met enorme etosiasme 'n toer te kon beplan en uitvoer tot in die fynste detail. Sy het as vrou, kameraad en toergids 'n groot rol gespeel in die navorsing van my die Naudéstamboek. Was dit nie vir haar leiding, opofferings en aanmoediging nie, was die boek sekerlik nie waar dit vandag al op 300bls staan nie!

**Navorsingstoere**



Dit is dan ook gedurende díé tyd, 2008-2013, dat die boek oor die Naudés van Naudésfontein die lig begin sien. Dit het reeds in Okt 2007 begin, toe my dogter met my verjaarsdag die Legacy sagteware aan my gegee het, met die opdrag: "Nou moet Pa die Naudés navors."

Die twee vroue hier aan my sy het die grootste rol in die ontstaan van my boek gespeel.

Sommerso uit die bloute hier in Maart 2008, een vroeë oggend in die bed, sê Elsa: "Kom ons vat die karavaan en kyk wat ons van die Naudés in Bloemfontein en Aliwal kan kry."

Net daar beland die vet in die vuur en vat vlam. Dadelik begin ek 'n paar oproepe maak aan ouer familielede, en gou-gou het ek 'n paar kontakte se telefoonnommers en adresse in die Bloemfontein, Aliwal en Lady Grey omgewing.

Vroeg Maandagoggend 20 April 2009 val ons in die pad en daardie middag al staan die karavaan lekker snoesig onder 'n boom in Reynekepark, Bloemfontein.

Dinsdag besoek ons gedenkwaardighede soos die Vrouemonument en ook die argief. By die Vrouemonument is ons gelukkig om boereoorlog-inligting te kry, maar ons eerste besoek aan 'n argief het maar power resultate opgelewer. Later jare, nadat ons vaardighede as navorsers heelwat verbeter het, kry ons hier waardevolle inligting.

Ons kuier ook by een van my pa se oudste lewende niggies, die 81-jarige Adél Steyn.

Groot is ons verbasing oor al die inligting wat sy met ons deel. Sy het reeds ons eie stamboom redelik nagevors. Ek kry by haar waardevolle material om 'n begin mee te maak, en heelwat ou foto's.



Dadelik verander ons strategie. Vroulief Elsa, met haar logiese wiskundebrein, stel sy voor dat sodra ons in Naudé-omgewing kom, ons soveel moontlik grafte moet afneem. So gesê so gedaan. Ons volgende stop, op Donderdag 24 April, is Aliwal Noord. Hier maak ons die karavaan staan by Die Bronne karavaanpark. Watter groot teleurstelling! Ons het albei hier as kinders baie lekker vakansiegehou, maar die eens pragtige oord is verwaarloos. Dit lyk hier na chaos. Nietemin dwaal ons op ons ou voetspore tussen die ruines rond, en herroep nostalgies die lekker dae van kindwees.




Die volgende dag bestorm ons Aliwal se begraafplase, aan die rivier en ook in die dorp. Ons ontdek honderde Naudégrafte en neem almal af. Wie is nou wie? Wie pas in en wie is uit? Weer kom my wiskundige kameraad tot ons redding. "Vat Tannie Adél se lys en kyk wie ons kan plaas." En sommer net daar en dan word name, geboorte- en sterfdatums veelvoudig vermeerder. Tot op datum kon ek oor die negentig van daardie Aliwal grafte met persone op my databasis link!

‘n Besoek aan Aliwal Noord se museum lewer ook waardevolle vrugte op: ons kry doodsberigte, koerantartikels, inligting oor die dae toe daar op die boek by winkels gekoop is en nog meer.

Laat die middag ry ons uit op die Goedemoedpad op soek na die plaas Strydpoort, waar my oupa en pa saam een van die grootste damme van die omgewing in die 1930s gebou het. Na vele navrae langs die pad en baie draaie kom ons op Strydpoort aan. Ek praat met die boer en ruil kennis uit. Vroulief span haar kreatiewiteit in en neem die mooiste foto’s van die plaashuis en die dam. Ons vind uit dat ‘n ouer kleinneef van my, Johann van Rensburg, op die plaas langsaan, Kromdraai, boer. Vroulief stel voor: “Kom ons maak ‘n draai, dalk kan hy meer van die familie aan Ouma Naudé (née Smith) se kant vertel.” Was *dit* toe ‘n waardevolle besoek! Dit moes net ‘n uurtjie geduur het, maar word toe sommer twee dae se kuier, familie-uitlê, en die omgewing se plase en grafte besoek. Daar word breedvoerig aan my verduidelik hoe om op die Bossieslaagte se pad en by Naudésfontein uit te kom.



Die huis van CJF Naudé (*1880) op Strydpoort. Foto: 1990

Nou moet die wiele weer draai want ons is ‘n dag agter skedule. Ons vat die pad op 27 April na Lady Grey toe, op soek na Naudésfontein. Maar soos dit maar gaan, luister mens mos nie aldag ordentik na wat jy moet hoor nie. Volgens die aanwysings wat ons gekry het moet Bossieslaagte se afdraai so 20 km op die Lady Grey pad uit wees.

Na 30 km besluit ons ons het verdwaal, en draai toe maar by die plaas Vlaktefontein in om raad te vra. Weer word ons verras met hoe die lewe ‘n draai met jou maak. Net toe ons met karavaan en al by die plaasopstal stilhou, klim ‘n ou oom met ‘n kierie agter uit ‘n motor wat net agter ons stop. Ek stel myself voor en sê ek soek na Naudésfontein. Dadelik wil die oom weet waarvoor, want dit is sy plaas. Ek verduidelik van my navorsing en dadelik sê hy dat hy, Piet de Wet, self ook ‘n afstammeling van die Naudés van Naudésfontein is. Sy ma was op daardie plaas gebore. Inligting word uitgeruil en afsprake word gemaak en toestemming word gegee dat ek die plaas kan besoek. Later sou dit lei tot een van die grootste en waardevolste bronne van inligting.

Oom Piet, toe reeds 86, het heelwat familieinligting vir my, asook ‘n dokument wat ‘n ene Nicoline van der Merwe opgestel het. Later sou ek uitvind dat sy die sekretaresse van die Pretoria GGSA tak is, en ek het haar toe gaan besoek. Minder as ‘n jaar daarna is Oom Piet oorlede.




Oom Piet en sy vrou Annatjie op hul troudag in 1949.


Die volgende dag besluit ek en Elsa, vroulief-toerbeplanner, dat dit tyd is om eers te verwerk wat ons al bymekaargekry het. Na ‘n dag se werk tot laataand in die karavaan op Lady Grey, besluit ons nee, genoeg is genoeg, ons koppe is suf. Môre neem ons eers ‘n ontspanne rit na Naudésnek en Rhodes toe. Watter groot fout… of moet ek sê GELUK… dat ek na Ma luister! Dit word nog ‘n dag van grafte afneem en mense langs die pad ontmoet wat ook deel van die stam is. Elkeen dra ‘n deel tot die legkaart by. Ons kry nog inligting en nog foto’s.



Naudésnekpas tussen Rhodes en Maclear in die Oos-Kaap.

Graag deel ek hier eers Elsa se woorde. Sy het hierdie stuk oor Naudéspas en Rhodes vir die Wegtydskrif geskryf:

*Vreemde Horisonne - Vir ons was dit een groot lekkerkry en dit het gevoel soos Sanipas, net baie mooier, langer en verder, amper soos die tuin van Eden! Ons het in Maart 2011 daar getoer om familie na te vors, ons karavaan op Lady Grey gelos en die roete gery. ‘n Mens het regtig ‘n hele dag nodig daarvoor, want om elke hoek en draai het ons gestop vir foto’s. Die natuurskoon gedurende daardie tyd van die jaar is pragtig!’ (Elsa Naudé).*




Die volgende dag, nou reeds twee dae agter skedule, betree ons uiteindelik die plaas Naudésfontein. Dit het reeds sedert 1847 aan die Naudés behoort, en is steeds in familiebesit.

Soos ‘n warrelwind is ons daarna Lady Grey deur, neem die begraafplase se Naudé-grafstene af, besoek die museum en die hotel en ontmoet die eienaar, Daleen Oertel. Sy het ook die Naudés in diepte nagevors, en ons kry by haar ‘n afskrif van die ou Lady Grey NGKerk doopregister, asook ‘n handgeskrewe document, 24 bladsye lank, wat Oom David Naudé kort voor sy dood aan haar gegee het. Nog besoekpunte en name word versamel.

Maar ons tyd loop uit en moet ons huiswaarts keer. Ons het honderde foto’s van grafte en ou familiefoto’s.

Op die lang pad terug word daar diep beraadslaag oor hoe ons die inligting gaan verwerk. Elsa dring daarop aan dat ons, sodra ons by die huis kom, dadelik aan die werk moet spring om alles wat ons versamel het te orden. Ja, my liewe Vroulief-juffrou! Ons maak so.

Dit was dan ook die pragtige spanwerk tussen ons twee, Elsa se taalvaardigheid, dryf, ywer, aansporing, haar kreatiewiteit en sistematiese, logiese denke wat uiteindelik die boek se formaat soos dit vandag daar uitsien bepaal het. Na hierdie eerste toer het daar nog drie sulkes - en langer - toere gevolg, in 2010, 2011 en 2013. Ons het saam inligting opgevolg en met baie nasate kennis gemaak. Vanaf Oos-Transvaal, die Oos- en Wes Kaap tot by Kaapstad en die se argief is inligting en foto’s versamel en verwerk. Ek sal my vrou mis vir al die harde werk en opofferings wat sy gemaak het gedurende die proses om my familie te boekstaaf. Ek hoop ek kry die krag om weer die rekenaar nader te sleep om die boek haar ter ere te voltooi.



## Samuel Orton, stamvader

Sampie Orton

Sedert ek laas oor die Ortons vir die Storiewa geskryf het, het ek nuwe inligting bekom en het daar goed gebeur waaroor ek wil berig. Stamvader Samuel Orton het as 21-jarige Suid Afrika-toe gekom, sonder enige titel of ambag agter sy naam. Hy is in Birmingham, Engeland, op 30 Junie 1826 gebore. Tydens die 1841 sensusopname in Engeland was hy nog deel van sy ouers se huishouding, maar vir die 1851 opname nie. Hy vertrek vanaf die hawe Plymouth in Engeland en reis met die skip Corromandel na Suid Afrika. Hier arriveer hy op 4 Mei 1848, saam met 184 ander immigrante onder leiding van William Way.

Hy tree op 26 Desember 1853 met Ellen REYNOLDS in die huwelik, 'n dame uit Glasgow, Skotland afkomstig. Hulle vestig in Kruisrivier (Distrik Calitzdorp) en bekom 'n stuk grond reg teen die kruis van Kruisrivier.



Die boom in die foto langsaan staan op die plek waar Stamvader Samuel Orton-hulle in Kruisrivier gewoon het. Op die foto is ek en my seun, William James.

Hier begin Samuel ‘n boerdery, 'n handelaarsbesigheid en raak ook betrokke in die boubedryf. Verskeie van die geboue wat hy gebou het, soos woonhuise, 'n watermeul en skure, is vandag nog in die omgewing te sien.

In die huidige NG Kerk in Calitzdorp is daar weerskante van die preekstoel foto’s van die eerste twee kerke wat daar in gebruik was. Die eerste kerk was in die begin net 'n lang gebou en het te klein vir die gemeente geword. Samuel was toe die meesterbouer wat die kerk in 1879/80 van flanke voorsien het. In 1908 is hie kerk afgebreek en vervang met die bestaande gebou. Geen wonder dat daar in die boek *Die Herkoms van die Afrikaner* spesifiek verwys word na die Orton kinders wat reeds in die 1850's in die NG Kerk gedoop is.

Daar word van hom getuig dat hy baie lief vir diere was. Hy het nie toegelaat dat ingespande perde vir die mens moes wag nie. Jy was óf betyds óf jy het gebly. Hy het op 'n dag swaar goedere vervoer en die osse het gesukkel om die wa die opdraande uit te trek. Hy het van die wa afgeklim om dit 'n bietjie ligter te maak. Aan die anderkant van die opdraende het egter 'n koue wind gewaai, wat waarskynlik veroorsaak het dat hy longontsteking opgedoen het. Hy is toe as gevolg daarvan oorlede.

Elf kinders is uit Samuel en Ellen se huwelik gebore, en my oupa Samuel was een van hulle. Stamvader Samuel is in 1889 oorlede en sy vrou in 1897. Hulle is begrawe op 'n plek waar daar vandag 'n dam is.

Vroeg in 2014 het ons gesin weer die Kleinkaroo gaan besoek en ons was daar oorval met vriendelikheid en hulpvaardigheid van die mense van Kruisrivier en Calitzdorp. Huise en 'n watermeule wat Samuel gebou het is onlangs pragtig gerestoureer. Ons het ook 'n half-vervalle skuur gesien wat hy so gebou het dat 'n ossewa met sy tent op by die deur kon inry.




Terwyl ons daar so rondbeweeg het was my verlange om die oumense te kon geken het baie groot. Daarom is ek so dankbaar dat daar wel inligting beskikbaar is om iets oor hulle te kan leer. Dis net ‘n *helse* groot werk…! Maar ook baie bevredigend.

Omdat ons nie by hulle onderwatergrafte kon uitkom nie het ek 'n groot vuurklip opgetel waar hulle huis gestaan het, dit van 'n "grafskrif" voorsien en bewaar dit nou as 'n nagedagtenis aan daardie twee jongmense wat bereid was om risiko's te neem sodat ons vandag in hierdie pragtige land van ons kan woon.



# Ekspedisie na distrikVryburg

Nico Muller

In Desember 2010 het my pa ingestem om 'n graf op Thlaring te gaan soek. Sy pa se broer is daar begrawe, en Pa was met sy oom se begrafnis laas daar, sewentig jaar vantevore. Net daarna het hulle weggetrek, na Daniëlskuil. Hy het na die graf gaan omdat ons nie geweet het van watter Mullers ons afstam nie. Van my oupa se kant kon ons geen konneksies maak nie, dus was die volgende stap om van sy broer se kant af te probeer. Toe my pa na die graf gaan soek het was ek met vakansie in Zanzibar. Met my terugkeer het ek hom gebel om uit te vind of hy enige geluk gehad het. Die area is nou Baphututswana trustgebied, en daar woon geen blankes nie. Hy het toe goeie nuus gehad en was baie emosioneel. 'n Week daarna was hy ook tuis van verlof af, en wys my toe die foto's. Ek kon nie veel uitmaak nie, want die graf was tussen ruigtes weggeteek.

Ek was so opgewonde! Ek kon nou, met sy name en datums, op die regte Muller-stam afkom. Skielik weet ons wie ons voorvaders is en waar hulle vandaankom! Net daar en dan besluit ons om terug te gaan, die grafte skoon te maak en beter foto's te neem. Ek het my jongste broer saamgenooi. Die volgende more vieruur is ons toe fort met tuingereedskap, 'n kettingsaag, petrolkanne, waterkanne, hoede teen die son en handskoene vir die haak-en-steek.

Daar aangekom het ons dadelik aan die werk gespring om die bome uit te kap en bosse te verwyder. Ons het gehark en die grafte afgewas. Na al die jare was daar nog 'n draadheining. Ek het toe die draad en tange uitgehaal en ons het die heining herstel.



Vooraf is die grafte omtrent toegegroei

Na ure se swoeg en sweet lyk dit al baie beter. Daar is altesaam vier grafte, en almal is van my familie. Ons neem nog foto's en teken GPS koördinate aan.





IN LIEFDEVOLLE HERINNERING
AAN ONS VADER
Barend Mattheus
Muller
Geb 13 Jan 1862
Ovl 11 Jan 1941
Rus in Vrede





My pa het my vooraf vertel dat die grafsteen wat soos ‘n Bybel lyk stukkend was, en ek het ‘n boor, gom en staalpenne saamgehad en hom herstel.

Toe ons met die grafte klaar is, vra ek Pa of hy nog kan onthou waar die plaashuis gestaan het. Dalk kry ons nog sy fondasies. Hy vertel toe dat hulle destyds in sinkhuise met misvloere gebly het.  Daar’s niks van oor nie.

Hier is ‘n foto van my pa toe hulle daar gebly het. Hy is die seuntjie regs.



Pa het vertel dat hy amper touopgegooi het toe hy oorpronklik na die grafte gesoek het. ‘n Swart man het hom gewys waar hulle is. Die man wat gehelp het om die grafte op te spoor daag toe daar op. Dit was die eerste keer in die 25 jaar wat hy daar naby woon dat hy daardie grafte kon sien. Hy het ons toe vertel hoe dit gekom het dat hy van hulle geweet het. Toe sy skape een aand tuiskom, het daar ‘n mooi ooi gekort en hy het haar gaan soek. Hy kry haar en haar pasgebore lam diep tussen haak-en-steek bosse, en hy kruip toe agterna om die twee daar uit te haal. Toe hy aan die lam vat sien hy eers die graf hier by hom!



Daarna ry ons Kamden-toe, waar my pa op koshuis was.  Daar was net nog die vloer en murasies, maar Pa was in sy element. Hy het ons gewys waar sy bed gestaan het, en waar hy allerhande kattekwaad aangejaag het. Ons het toe ook nog ander grafte in die omgewing gaan afneem.



My pa het ons ook die
Drie Eeue Feesmonument gaan wys.



Die monument is deur my pa se oudste broer Diederick Nicholaas (Diekie) Muller *1919†1983 opgerig, saam met sy swaer. Hulle was op daardie stadium grafsteenmakers.

Op die monument is daar klein leiklip-bordjies. Van die mense wat die saamtrek gereël het se name was daarop gegraveer, onder andere my oupa en ouma s'n.



1652
DRIE EEUE
1952
VOETSPORE
20-2-1952



Pa sê hy onthou die dag soos gister al was hy net 15 jaar oud. Hy onthou die baie manne met lang baarde, die perde, perdekarre, kapkarre en vlae tannies met kappies op, besig om baie kos te maak. Langs die monument het hulle die dag 'n sementblad gegooi. Die boere, en 'n ossewa met osse, het toe hul spore in die nat sement getrap.



Daarna pak ons die pad terug Vanderbijlpark-toe aan, met een stop op Lykso by die kerk waar my pa gedoop is.

Ons het die aand na tienuur eers tuisgekom, baie moeg, maar baie opgewonde en tevrede oor al die nuwe inligting oor ons voorouers, oor wat hulle gedoen het en waar hulle beweeg het.



# "The green, green grass of home..."

Adriana Welgemoed

Ek het nou-die-dag 'n oproep ontvang. Julle kan seker raai wie dit was wat my geskakel het: Erna wat 'nag' oor 'n storie vir die Storiewa. Ek my rympie weereens opgesê: "Ek is nie 'n mens vir stories nie, en ek het ***régtig*** nie tyd nie! Ek bedryf my eie besigheid, en my kiddies en my hubby neem die res van my tyd in beslag." Toe ek die foon neersit brom ek nog onderlangs: "Die vrou wil nie hóór nie. Ek wens sy los my uit!"

Daardie aand sit ek en my gesin buite op die stoepie. Ek vertel hulle toe 'n storie uit my kindertyd:

"As mens by ons erf inry, was daar op regterkant my pa se pragtige blombedding, en langs dit het sy lieflike grasperk uitgestrek. Hy was baie trots op daardie goedversorgde, netjiese lap groen. Hy het baie moeitevolle ure aan sy tuin spandeer, en mens kon dit sien – al het ons dit nie aldag waardeer nie.

Ons was drie kinders, julle weet mos. Ons het daarvan gehou om buite te speel (nie soos vandag se kinders wat die heel dag voor die TV te sit nie...)" Ek kyk gemaak-kwaai vir my kroos.

"Ag Ma! Ons is nie hééldag voor die TV nie! Vertel die storie!"

"Nou maar goed. Een van ons speletjies was verspring-oefen bo-oor Pa se blombedding. Ons het altyd die sementblad van die oprit as aanloopbaan gebruik, dan wip ons oor die blommetjies, en spring sulke diep duike in die lekker sagte grasperk. Dit was heerlik! Ons het gekyk wie spring die verste, en hoe verder jy spring hoe groter die duike. Geen genade vir arme Pa se grasperk nie.

Een middag kom ons van die skool af en Pa sê: "Gaan bêre julle tasse en kom kyk gou-gou iets hierbuite." Ons was natuurlik nuuskierig, en was nog meer nuuskierig toe hy sê ons moet hande-viervoet op die gras kniel. Toe ons dit doen, sê hy: "Vryf nou met julle hande, al in die rondte. Voel ***mooi*** terwyl julle vryf!" Ons gehoorsaam, en wonder wat ons soek. Hy het nogal ernstig geklink, en ons durf nie teëpraat of vra hoekom ons dit moet doen nie. Naderhand het die speletjie vervelig begin raak, en ons monde dik. Ons dink nie meer daar's dalk iets in die gras weggesteek nie. As ons onderlangs vir Pa loer, weet ons dat ons maar moet aanhou kruip en aanhou vryf. Dalk is dit 'n nuwe soort gras-behandeling? Dalk doen ons Pa 'n guns met die gevrywery, en gaan ons 'n beloning kry? Dit was 'n belowende gedagte, en ons kruip aan, en ons vryf aan, al in die rondte, stukkie vir stukkie. Ons mis geen enkele grashelmpie nie. Toe ons die grasperk reg rondom klaar gevryf het, staan ons op en kyk Pa met vraende oë aan.

Pa sê toe: "Ek hoop julle het nou ***goed*** gevoel hoe voel gras, want dis die ***laaste*** keer dat julle hier voor op my grasperk speel!"


My man en kinders wil hulle doodlag. "Daai tyd het ek nie gedink dit was so snaaks nie, hoor!" sê ek. "Mamma," proes hulle, "Dis vreeslik snaaks! Het julle toe julle les geleer?"

"Nee wat. Na 'n week of twee het ons maar weer op die gras baljaar... maar ons was darem 'n bietjie versigtiger en het probeer om nie duike te maak nie."

My man sê toe, "Daar's jou storie vir die Storiewa! Sit hóm sommer in!"

"NOOOOOIT!" antwoord ek.

Maar hier sit ek nou voor die rekenaar. Almal slaap al, en ek was ook flussies nog in die bed. Ek het opgestaan, die lig aangeskakel, en raai wat doen ek nou? Ek skryf my storie twaalfuur in die middel van die nag sodat julle ook vir my kan lag! En dis lekker.



## Kleutertyd

Pottie Potgieter (Hendrik Jacobus POTGIETER ab7c9d4e1f4g1h12i1j1)

Ek is gebore op 25 Julie 1957 in Springs, Transvaal, en tien dae later Hendrik Jacobus gedoop, op 5 Augustus 1957 in Sundra, Transvaal. My ouers het net na my geboorte verhuis na Mandini, Zululand, waar Pa Henry by SAPPI se papiermeule gewerk het. Oupa Hendrik en Ouma Pollie was natuurlik baie ontsteld dat hulle heel eerste kleinkind in die verre Noord-Natal moes grootword

Op ’n vroeë stadium, toe ek drie jaar oud was, het my mangels my herhaaldelik baie siek gemaak. Na vele doktersbesoeke het my ouers my naderhand uit desperaatheid Stanger-toe gevat. Dit was die naaste groot dorp. ’n Indier, Dr Naidoo, het my genees. Hy het my mangels verwyder. Daardie dae was dit ’n baie ongewone ding om na persone buite jou bevolkingsgroep vir hulp te gaan.

Uiteindelik sou ek die oudste van vier kinders wees - twee seuns en twee dogters. Ek en sussie Elise (*2 Sep 1958) verskil met een jaar en agt maande. Toe (ses jaar, vier maande en sewe-en-twintig later dae later) kom Deon (*29 Jan 1965) en Anna Marie (*24 Mei 1969) daag weer twee jaar, drie maande en drie-en-twintig dae daarna op.

My suster, Elise, is nog in Eshowe, Zululand, Natal gebore. Ons het daar in Noord-Natal gebly tot ek vier jaar oud was. Pa Henry het toe bevordering gekry, en ons moes terugtrek Springs, Transvaal toe. Die SAPPI papiermeule in Springs het opgraderings ondergaan, en Pa Henry moes daar gaan werk.



My Ma Gerrie was ’n geregistreerde mediese verpleegster. Sy het vanaf ’n vroeë 16-jarige ouderdom al begin werk en was betrokke met die verpleging van siek mense. Sy het hierdie baie edele beroep bedryf en haar werk met toewyding en ywer gedoen tot op die ouderdom van 62 jaar, as mediese beampte: Verpleegster en Suster en Matrone. Gedurende haar lewe het sy nie verlof geneem nie. Net gedurende die drie maande kraamverlof-tye toe ons vier Potgieter-kinders gebore is het sy nie gewerk nie.

Ek onthou nog dat Ma Gerrie-hulle “fafi” by die Verre Oos-Rand Hospitaal, Springs, gespeel het. Dit was blykbaar ’n spel waar jy met nommers sekere gebeurtenisse moes voorspel.

Suster Whylie was een die verpleegsusters wat saam met Ma Gerrie gewerk het. Sy was ’n weduwee wie se hande vir niks verkeerd gestaan het nie. Sy kon enige ding regmaak. Sy het ’n VW Beetle-kar gery wat sy self gediens het en op die pad gehou het. As alleenouer het sy het ’n dogter grootgemaak. Ek en Elise en Meghan wat groot pelle.

Van my vroegste herinneringe gaan oor ons kuiers by Ouma en Oupa Potgieter op die plaas Modderfontein in die distrik Sundra / Delmas. Die sinkplaashuis se deurknoppe was so laag dat tjokkertjies soos ek dit ook kon oop- en toemaak. Ek onthou nog hoe ek saam met Oupa Hendrik op die plaas rondgeloop het en ook hoe ek urelank gespeel het. Die beste speelplek ooit was onder en in ’n massiewe groot boom op die plaas. Vir my was dit merkwaardig dat presies dieselfde boom ook op ons ander ouma, Ouma Gouws, se plaas Eersbewoond (naby Nylstroom), gestaan het… of so het ek gemeen. Eers baie jare later sou ek leer dat dit twee verskillende boomsoorte was. Die boom op Modderfontein was ’n Belhambra (Phytolacca dioica) wat *verwant* is aan die vyeboom, en die boom op Eersbewoond was ’n *regte* egte massiewe volwasse vyeboom.

Ek het dit baie geniet om my Oupa Hendrik by die plaaswinkel te help. Die winkel se naam was Mandlebe Store, wat glo “groot ore” beteken (dalk “kragtige ore”). Ek het die winkelrakke skoongemaak, reggepak en vol voorraad gepak. Ek was baiekeer saam met Oupa Hendrik as hy voorraad vir die plaaswinkel gaan aankoop.

Ek onthou nog duidelik hoe ek een aand van die plaashuis af met die Coleman paraffienlamp winkeltoe geloop het. Ek moes Oupa Hendrik gaan roep om te kom eet. Dit was baie ver vir so ’n klein seuntjie en die lamp het sulke lang, aaklige skaduwees gemaak. Ek was baie bang . Ek ek het heeltyd oor my skouer geloer en allerhande geluide gehoor. Laterjare sou ek sien dat die winkel net ’n skamele honderd meter van die huis af was. Daardie aand was dit vreeslik ver.

My pa se jongste broer (oom Boetie) het ’n Renault Gordini-kar gery. Hy het my op sy skoot laat sit en op Modderfontein se grasperk rondgejaag. Op ’n stadium moes oom Boetie die plaasdam se waterklep gaan oopmaak sodat die dam leeggetap kon word. Die klep was binne-in die dam. Dit was winter en yskoud. Ek sien hom nog daar lank op die wal van die dam sit en moed bymekaarskraap, voor hy kon inspring en die klep oopdraai.

Ons het in New State Areas, Springs, gewoon. Dit was groot, ruim mynhuise, geprivatiseer, net langs die hospitaal waar Ma Gerrie gewerk het. Dit was vir haar baie gerieflik. Digby ons huis was daar ’n jukskeibaan. Pa Henry en een van sy werksvriende (oom Koot Vermaak) het die baan gebou.

Jukskei was ’n groot deel van die Potgieter-huishouding se vermaak. Daar is baie prettige dae saam met die familie Vermaak (Oom Koot, Tannie Ida, Sias, Ria, Karen en Polla) en familie Ellerman (Oom Gert, Tannie Ellen, Hannetjie, Rina) deurgebring. Almal het jukskei gespeel: die oumense, die grootmense en die penkoppe (kinders). Baie jare later het ek weer vir Ria Vermaak raakgeloop, eers toe sy aankoper vir Iscor in Pretoria was, en later toe sy by Bemarking in Vanderbijlpark gewerk het. Tannie Ellen Vermaak het ek ook later jare weer gesien toe ek en my vrou Cathy ’n basaar by die NH kerk, RAU, in Johannesburg bygewoon het.

Daardie was beide goeie én moeilike jare vir ons Potgieters. Ek onthou dat ek saam met Pa Henry Johannesburg-toe gegaan het toe hy sy splinternuwe rooi “tipper Bedford-lorrie” gekoop het. Ons het hom die dag gaan haal. Pa Henry het by SAPPI bedank, en hy het begin kontrakwerk doen om paaie te bou. Op ’n stadium moes Pa vanweë ’n kontrak tydelik in die veld in ’n tent bly, naby Zeerust, Wes-Transvaal. Ek het hom intens jammergekry as hy vertel hoe bitterkoud dit in die winter daar was. Eendag moes ek Pa Henry help om ’n opslaan-enkelbed op die vragmotor te laai. Ek was so trots dat ek, net vier jar oud, hierdie belangrike taak kon verrig! Ek het Pa ook altyd gehelp om die rooi “tipper Bedford-lorrie” te was, binne skoon te maak en te ghries, en as Pa se werk vereis dat hy van die huis af weg was, was ek “die man in die huis”.



Sussie Elise en ek het so-te-sê in die hospitaal se kleuterskool grootgeword terwyl Pa Henry en Ma Gerrie by die werk was. Dit was die dae voor die massaproduksie van plastiekware, en elke hospitaalsaal het met Kerstyd ’n regte egte denne kersboom gehad. Die kersbome was pragtig versier met handgemaakte goed en mooi helder liggies. Om die boom finaal af te rond het elkeen ’n unieke Bethlehemster bo-op die hoogste punt gehad. Met Kerstyd het ons kleuters altyd op ’n uitstappie saam met die Verpleegsters en Susters gegaan. Ons het die hele hospitaal deurgeloop en kyk na die pragtige liggies en versiersels in die verskillende pasiëntesale. Die flikkerende liggies was altyd vir my die bekoorlikste. Die hoogtepunt was hoe mooi die kindersale opgemaak was. In elke mediese saal waar ons gaan kuier het moes ons kleutergroepie altyd ‘n liedjie vir die pasiënte sing. Ek kon destyds gladnie begryp hoekom groot mans en vrouens aan die huil gegaan het as as ons sing nie. Eers baie jare later sou ek dit verstaan.



Ek onthou nog duidelik ’n Oukersaand toe verpleegsters, susters en matrones saam deur die hospitaalgange loop en Kersliedere sing vir die pasiënte. Hulle het elk ’n brandende kers gedra. Die pragtige klanke van *Stille nag, Heilige nag* sal ek nooit vergeet nie. Dit was vir my so vreeslik mooi. Selfs op daardie vroeë ouderdom het ek die kontras opgemerk tussen die vreugdevolle en opwindende klank van ‘n liedjie in die kindersaal by ’n nuwe baba en die gewyde, stil toon van ‘n waardige lied by ’n ander bed, in ’n algemene saal, waar ’n bejaarde persoon sterwend lê. Min het ek besef dat daardie ‘n eerste lewensles vir my was, waar ek begin verstaan het dat geboorte en dood albei deel van die lewe is. Ek is bevoorreg. Dankie, Ma Gerrie

Daardie jare het die dorpe hul hoofstrate kleurvol versier met flikkerende liggies wat op 16 Desember aangeskakel word en so gebly het tot so ’n week na Nuwejaar. As gesin het ons op ’n naweek van een Oosrandse dorp na die ander gery (Springs, Brakpan, Benoni, Boksburg, Germiston en Johannesburg) om liggies te kyk. Dit was groot vermaak. Oupa en Ouma Potgieter en Oupa en Ouma Gouws het selfs van die plaas af kom kuier om die liggies te kan sien. Op die plase was hulle gewoond aan kerse en paraffienlampe.



Hierdie voorskoolse kinderjare was die jare toe nét ek en Elise kinders in die huis was.



Dit was ook die dae gewees waar die familie saam ‘n ruk voor Kersfees gaan “window shopping” doen het, om te sien watter fantastiese geskenke en dinge in die winkelvensters uitgestal word. Ons het dan die een kant van die hoofstraat opgestap en elke winkel van hoek tot kant deur die vensters bestudeer, en dan aan die ander kant weer net so kyk-kyk teruggekom het. Hierdie roetine het ons van die een dorp na die ander dorp herhaal.

As kleuter het ek hoogstens tweemaal per jaar geskenke ontvang, op my verjaarsdag en vir Kersfees. Daar was baie groot opgewondenheid aan die begin van Desember, want dan het beide Pa Henry en Ma Gerrie se Kersfees werksfunksies plaasgevind. Kersvader het altyd met ‘n brandweerwa aangekom. Kinders van dieselfde ouderdom het altyd dieselfde geskenke gekry. As jou maatjie net so oud soos jy is, en sy naam word alfabeties voor joune uitgeroep, weet jy dat jou treinstel of Meccano of Scalextrix of fiets ook oppad is! Jy was dan so dankbaar bly en verlig dat jou Kersfeesbriefie by Kersvader uitgekom het. Jy het dit in jou beste handskrif geskryf, meer as ’n maand vantevore, en geskenkfabriek-toe gestuur: daar ver in Lapland waar dit heeltyd koud is en sneeu. Jy was maar bekommerd oor hoe dit by hom sou uitkom. Ek moes toe al besef het dat dit ’n wonderwerk was, en dat daar iets verkeerd is met die storie. Hoe kon daar sonder ’n Kersmoeder soveel aandag en detail met die toedraai van die geskenke en die reëlings gewees het? Nie eers ’n man soos Kersvader kon dit alles alléén doen nie – dankie, Ma Gerrie!

Toe ek vyf jaar oud was het Pa Henry en Oupa Hendrik my gevat om ’n Kersboom te gaan uitsoek in ’n dennebos daar naby waar ons gebly het. Pa en Oupa het hom afgekap. Die boom is toe heel seremonieëel met Oupa Hendrik se V8 Fordbakkie aangery huistoe. Daardie jaar was dit die eerste keer dat ek Kersfees en alles wat daarmee ge-assosieer word regtig kon ervaar en onthou. Ek onthou Pa Henry en Ma Gerrie se familie wat kom kuier het. Die sing van kersliedere op Oukersaand. Die kerktoegaan op Kersoggend. Die ongelooflike etes van kouevleis, bykosse en slaaie op Kersdag. Die eindelose gekuier en gesels van die ouer mense en die gespeel van ons jonger kinders. Kersdag aandetes het bestaan uit kos wat oorgebly het van Kersfees se middagete. Tweede Kersdag (26 Desember) is altyd afgeskop met ‘n lekker groot ontbyt en daarna is boeresport gespeel: sakresies, eier in die lepel, kruiwastoot, ensovoorts. Vir middagete is daar braaivleis gehou en in die middag, na ete, is jukskei gespeel.



Hierdie voorskoolse kinderjare was ook belangrik uit ‘n heel heel ander oogpunt. Dit was die jare toe nét ek en Elise kinders in die huis was. Ons was die beste maats. Die een was altyd naby die ander. Ons het alles saam gedoen, alles saam ervaar, was die grootste pêlle gewees, baie lief vir mekaar. Elise het my “Boetie” probeer noem, maar haar uitspraak was bietjie skeef en krom, en toe word ek “Bietie”. Ons is altwee nou in ons middelvyftigerjare, en nog steeds noem sy my “Bietie”. Dit maak nie saak nie, want ek is baie lief vir my sussie. Na Elise se geboorte het daar meer as ses jaar verbygegaan voordat die volgende twee klein Potgietertjies, broer Deon en suster AnnaMarie, hul opwagting gemaak het. Ek was toe al ‘n laerskoolmannetjie.

Volgende keer vertel ek van my laerskooljare (1964 – 1970). Daarna volg:

- Hoërskooljare (1971 – 1975)
- Tersiëre opleidingsjare (1976 – 1980)
- Die begin van ‘alles’ (werk, trou, huis, kinders, weermag) (1980 – 1990)
- Vroeë middeljare (1990 – 2000), my middeljare (2000 – 2010)
- Laat middeljare (2010-2020)

Daar’s nog ***baie*** Storiewa-stories waar hierdie een vandaankom! Wie weet, dalk kry ek nog so Storiewa vir Storiewa my lewensverhaal geskryf!

## IN ANCIENT EGYPT, A PERSON LIVED FOR AS LONG AS HIS OR HER NAME WAS REMEMBERED AND SPOKEN.

…en dis mos waaroor dit gaan.

Sperdatum vir ons volgende Storiewa

**1 Oktober 2015**

Julle kan solank julle stories begin instuur!